# God Verskuil Homself In Eenvoud, Dan Openbaar Hy Homself Op Dieselfde Manier

Jeffersonville, Indiana, USA
17 Maart 1963 (Oggend)

1 Dankie, Broer Neville. Die Here seën jou. Goeiemôre, vriende. Ek ag dit beslis een van die hoogtepunte van my lewe, om weer vanmôre in die tabernakel te wees, om sy pragtige struktuur te sien, en die orde van die kinders van God wat vandag in Sy huis sit.

Ek was so verbaas toe ek gister hier aangekom en gesien het hoe lyk die gebou. Ek het nooit gedroom dat dit so sou wees nie. Toe ek die bloudrukke gesien het, toe hulle die bloudrukke opgetrek het, het ek net 'n klein kamertjie aan 'n kant gesien, maar nou vind ek dit 'n—'n pragtige plek. En ons is dankbaar teenoor die Almagtige vir hierdie pragtige plek. En ons is …

2 Ek bring julle, vanmôre, groete van my vrou en my kinders, wat verlang om hier te wees in hierdie tyd van hierdie toewydingsdiens, en hierdie week van toewyding aan Christus. Maar die kinders is in die skool, en dis moeilik om weg te kom. En hulle is amper oor hulle heimwee vir die huis, maar ons sal nooit oor die gevoel kom vir julle mense nie. Jy kan dit nie wegvat nie. Dit is sulke dinge soos om vriende te hê. En ek—ek waardeer vriende, oral, maar daar is iets omtrent ou vriende. Maak nie saak waar jy nuwe vriende maak nie, dit is steeds nie die oues nie.

Maak nie saak waar ek ooit sou rond swerf nie, hierdie plek sal altyd heilig wees. Want, omtrent dertig jaar gelede, in 'n modderige dambed, het ek hierdie stuk grond aan Jesus Christus opgedra toe dit niks anders as 'n—'n modderbed was nie. Hierdie was alles 'n dam. Dit is die rede waarom die straat daar is, die—die pad moes omgaan, om weg te kom van die dam wat hier was. En hier, was daar altyd lelies, damlelies het opgekom.

3 En die—die lelie is 'n baie vreemde blom. Alhoewel dit in modder gebore word, moet dit sy pad deur die modder druk, en dan deur die water en slym, om homself bo te kry, om sy skoonheid te wys.

En ek—ek dink, vanmôre, dat dit baie is wat hier gebeur het. Dat, sedert daardie tyd, het 'n klein damlelie homself gestoot; en toe dit bo-op die water was, het dit sy vlerke uitgesprei, sy klein blaartjies het oopgegaan, en dit het die Lelie van die Dal weerspieel. Mag dit lank staan! Mag dit 'n huis wees wat ten volle aan God toegewy is!

4 Die tabernakel self is in 1933 toegewy. Maar gedink, vanmôre, dat dit 'n—'n baie goeie ding sal wees vir net 'n—'n klein diens van toewyding weer, en veral vir die mense wat, met hulle liefde en toewyding aan Christus, dit alles moontlik gemaak het. En ek wil ieder en elk van julle bedank vir julle offerhandes, ensovoorts, wat julle voortgebring het om hierdie kerk aan Christus toe te wy.

5 En ek is in groot waardering, en dank die gemeente, om hierdie woorde te spreek namens ons goeie broers hier van die kerk, wat hulle dienste hieraan toegewy het. Broer Banks Wood, ons edele broer; Broer Roy Roberson, ons edele broer; en baie ander wat, met onselfsugtigheid en met eenheid van hart, maande gesit het om hierdie plek op te bou van dit wat dit was, hier gebly om te kyk dat dit presies gebou word.

6 En toe ek ingestap het, om hierdie preekstoel te sien, die soort waarna ek altyd gehunker het, my hele lewe lank! Ek's … Broer Woods het geweet waarvan ek hou. Hy het nooit gesê hy sou dit bou nie, maar hy het dit gebou.

7 En ek het die gebou gesien en hoe die konstruksie, dis net, o, dis ongelooflik. En nou is daar geen woorde om my gevoel uit te druk nie. Daar is net geen manier om dit te doen nie, sien. En, maar, God verstaan. En mag julle elkeen beloon word vir julle bydraes en alles wat julle gedoen het om hierdie plek te maak wat dit is, deur middel van 'n gebou, 'n huis van die Here. En nou wil ek—ek graag hierdie woorde sê. Nou, die gebou, so pragtig soos dit is, binne en buite …

My swaer, Junior Weber, het die messelwerk van die stene gedoen. Ek sien nie hoe dit enigiets beter kon wees as wat dit is nie, 'n perfekte werk.

8 Nog 'n broer wat hier is, ek het nog nooit die man ontmoet nie, hy het die klankstelsel ingesit. Maar selfs in 'n plat gebou soos hierdie let ek op, ek kan net … Daar is geen weerklank in die akoestiek nie. Dis in die plafonne hier, op verskeie plekke. Maak nie saak waar ek staan nie, dis net dieselfde, sien. En elke kamer is—is gebou, dat die mikrofone in hulle is, en jy kan dit verander op enige manier vir dit wat jy wil hoor. Dis, ek glo dit was die hand van die Almagtige God wat hierdie dinge gedoen het. Nou as …

9 Ons Here het ons so 'n gebou gegee waarin ons Hom kan aanbid, vir meer as, omtrent dertig jaar. Ons het begin met 'n moddervloer, saagsels, en het hier gesit by ou koolstowe. En die kontrakteur, Broer Woods, een van hulle, en Broer Roberson, het vir my gesê waar daardie pilare was, en daardie ou stowe was in daardie balke wat oorgegaan het, hulle het aan die brand geraak en het teruggebrand, miskien twee of drie voet. Waarom dit nie afgebrand het nie, net God wat dit teruggehou het. En dan na dit

gebrand het, en al die gewig van die tabernakel wat daarop gelê het, waarom dit nie ingeval het nie, net die hand van God. Nou is dit versterk met staal en sit op die grond, sterk opgebou.

10 Nou ek dink dis ons plig om die binnekant reg te maak, deur die genade van God, om so dankbaar teenoor God te wees dat ons … Hierdie sal nie net 'n pragtige gebou wees waarnatoe ons sal kom nie, maar mag elkeen wat inkom die pragtige karaktertrekke van Jesus Christus sien in elke persoon wat inkom. Mag dit 'n toegewyde plek wees vir ons Here, toegewyde mense. Want, maak nie saak hoe pragtig die struktuur is nie, wat ons beslis waardeer, die skoonheid van die kerk is die karakter van die mense. Ek vertrou dit sal altyd 'n huis van God wees, van skoonheid.

11 Nou, in die toewydingsdiens van die oorspronklike hoeksteen wat gelê is, het 'n groot visioen gekom. En dit is geskryf in die hoeksteen, die oggend wat ek dit toegewy het.

12 En julle mag gewonder het, 'n paar minute gelede, waarom ek so lank gevat het om uit te kom. My eerste plig, toe ek in die nuwe kerk in gekom het, was dat ek 'n jong man en vrou getrou het wat in die kantoor was. Mag dit 'n tipe wees, dat ek 'n getroue prediker aan Christus sal wees, om 'n Bruid gereed te kry vir die seremonie van daardie Dag.

13 En laat ons nou doen soos wat ons aan die begin gedoen het. Toe ons begin het met die eerste toewyding van die kerk, was ek net 'n jong man en, goeiste, miskien een-en-twintig, twee-en-twintig jaar oud toe ons die hoeksteen gelê het. Dit was voor ek selfs getroud was. En ek wou altyd 'n plek sien korrek in orde, in God se … vir God om te aanbid, sien, met Sy mense. En ons kan dit net doen, nie deur 'n mooi gebou nie, maar deur 'n toegewyde lewe is die enigste manier wat ons dit kan doen.

14 En nou, voor ons toewy, 'n toewydingsgebed, lees 'n paar Skrifte, en wy die kerk toe terug aan God. En dan het ek 'n bietjie … ek het 'n Boodskap oor evangelisasie, vanmôre, om in te pas in my Boodskap wat kom.

En, vanaand, wil ek die 5de hoofstuk van Openbaring neem, wat inskakel, van die—van die sewe kerkeeue, na die Sewe Seëls. Sodat ek … Dan sal ons hê …

Maandagaand sal die ruiter op die wit perd wees. Dinsdagaand … Die swart perderuiter, en verder af, die vier perderuiters. En dan word die Sesde Seël oopgemaak.

En dan Sondagoggend, volgende Sondagoggend, as die Here wil … Ons sal later sien, dit later aankondig. Miskien, volgende Sondagoggend, 'n biduur hê vir die siekes in die gebou.

En dan Sondagaand, afsluit met … Mag die Here ons help om die Sewende Seël oop te maak, waar daar net 'n kort vers is. En Dit sê dit: "Daar was stilte in die Hemel vir 'n halfuur," met daardie stilte.

15 Nou, ek weet nie wat hierdie Seëls beteken nie. Ek is net soveel aan die einde van my draad, oor hulle, as wat party van julle miskien is vanmôre. Ons het kerklike idees wat deur die mens aangebied is, maar dit sal Dit nooit raak nie. En julle kan sien, Dit moet deur inspirasie kom. Dit moet God wees, Homself, is die enigste Een Wat dit kan doen, die Lam.

En vanaand is daardie Boek van Verlossing.

16 Nou, hierin, die rede waarom ek nie gebeds byeenkomste vir die siekes aankondig nie, ensovoorts, is omdat ek is … ek bly by vriende, en ek gebruik elke minuut van my tyd om te studeer en te bid. En julle ken die visioen wat ek gehad het net voor ek vertrek en weswaarts gegaan het, van daardie sewe Engele wat gevlieg het. Maar, julle sal 'n bietjie later verstaan.

17 So nou, nou, in die gebou, dink ek dat ons behoort te hê, in dit dat, as dit toegewy is, of toegewy gaan word binne 'n paar minute, aan die aanbidding van God, ons behoort dit so te hou. Ons moet nooit in die gebou koop of verkoop nie. Ons behoort nooit enige besigheid in hierdie ouditorium hier te doen nie. Dit behoort nooit hierbinne gedoen te word nie, dit is, soos om predikers toe te laat om in te kom en boeke en alles te verkoop nie. Maak nie saak wat dit is nie, daar is ander plekke om dit te doen. Want, ons—ons behoort nie te koop en te verkoop in die huis van ons Here nie. Dit behoort 'n plek van—van aanbidding te wees; heilig, toegewy vir daardie doel. Sien? Nou, Hy het ons 'n mooi plek gegee. Laat ons dit aan Hom toewy, en onsself toewy, daarmee saam, aan Hom.

18 En nou dit mag 'n bietjie onbeskof klink, maar, dis nie 'n plek om te kuier nie. Dis 'n plek van aanbidding. Ons behoort nooit eens 'n woord hierbinne te murmureer, buiten aanbidding, aan mekaar nie, tensy dit absoluut nodig is. Sien? Ons moet nooit saamtrek nie. Ons moet nooit deur die gebou hardloop, of ons kinders deur die gebou laat hardloop nie. En so deur dit te doen, gevoel nie lank gelede nie, dat deur dit te doen, het ons dit so gebou dat ons vir dit alles kan sorg. Nou, ons het dit so opgestel. Natuurlik, baie mense is vreemdelinge. Die tabernakel mense weet dit, dat die gebou toegewy gaan word aan die diens van die Almagtige. Daarom, om onsself toe te wy, laat ons onthou, wanneer ons daardie heiligdom betree, wees stil, wedersyds, en aanbid God.

19 As ons mekaar wil opsoek, daar is plekke waar ons so met mekaar kan byeenkom. Maar, nooit, rondloop, waar jy jouself nie kan hoor dink nie, en een of ander persoon wat inkom en hulle weet net nie wat om te doen nie, sien, dis soveel geraas en so. Dis net menslik, en ek het dit in kerke gesien en dit het my baie sleg laat voel. Want, ons kom nie in die heiligdom van die Here om mekaar te sien nie. Ons kom hier om God te aanbid, dan gaan ons na ons huise. Hierdie heiligdom is toegewy aan aanbidding. Wanneer … Staan buite, praat enigiets wat jy wil, solank dit reg en heilig is. Gaan na mekaar se huise. Besoek mekaar in plekke. Maar wanneer jy by daardie deur inkom, wees stil.

Jy kom hiernatoe om met Hom te praat, sien, en laat Hom met jou terugpraat. Die probleem daarmee is, ons praat te veel, en luister nie genoeg nie. Dan, wanneer ons hier inkom, wag op Hom.

20 Nou, in die ou tabernakel, daar mag nie een persoon teenwoordig wees vanmôre wat daar was die dag van die toewyding nie, toe Majoor Ulrich die musiek gespeel het. En ek het hier agter drie kruise gestaan, om die plek toe te wy. Ek het nie toelaat dat enigiemand … Die plekaanwysers het by die deur gestaan, om te sien dat niemand praat nie. As, jy klaar gepraat het buite. Dan kom jy in. As jy wil, in stilte, kom jy na die altaar en bid stil. Jy het teruggeloop na jou sitplek, die Bybel oopgemaak. Wat jou buurman gedoen het, dit hang van hom af. Jy het niks gehad om te sê nie. As jy met hom wil praat, sê: "Ek sal jou buite sien. Ek is hierbinne om die Here te aanbid." Jy lees Sy Woord, of sit rustig.

21 En, dan, die musiek. Suster Gertie, ek weet nie of sy vanmôre hier is, of nie, Suster Gibbs. Die ou klavier, glo ek, sit agter in hierdie hoek, as ek nog kan onthou. En sy sou saggies speel: "Daar by die kruis waar my Verlosser gesterf het," baie soet, sagte musiek, en—en, dan, totdat dit tyd word vir die diens. En die sangleier het opgestaan en 'n paar gemeenteliedere gelei. En dan as hulle een of ander uitstaande solo gehad het, het hulle dit gesing. Maar, nooit net 'n klomp goed nie. En dan het die musiek voortdurend gespeel. En dan as ek dit gehoor het, het ek geweet dit was my tyd om uit te kom.

Wanneer 'n prediker instap in 'n gemeente van mense wat bid, en die salwing van die Gees, dan sal julle beslis uit die Hemel hoor. Dis net al. Daar is geen manier om dit te keer nie. Maar as jy in verwarring ingaan, dan is jy—jy … jy's—jy's so verward, en die Gees is gegrief; en ons wil dit nie hê nie, nee. Ons wil hierheen kom om te aanbid. Ons het lieflike huise, waaroor ek gaan praat, binne 'n minuut, ensovoorts; by die huis, waar ons ons vriende besoek en hulle heen neem. Hierdie is die huis van die Here.

22 Nou, daar is klein kindertjies, nou, babatjies. Nou, hulle weet nie anders nie. Hulle, die enigste manier wat hulle kan kry wat hulle wil hê, is om daarvoor te huil. En partymaal is dit 'n bietjie water, en soms het hulle aandag nodig. En daarvoor het ons, deur die genade van God, 'n kamer toegewy. Dit was genoem, op die lys, 'n "babakamer," maar dis reg voor my. Dis, met ander woorde, waar die moeders hulle babas kan neem.

Nou, dit pla nooit, miskien, my hier by die preekstoel nie. Miskien sal ek dit nie eens oplet nie, onder salwing. Maar daar is ander mense wat naby sit, en dit pla hulle, sien, en hulle kom hierheen om die diens te hoor. So die moeders is … As jou babatjie begin huil; jy kan dit nie help nie. Wel, sekerlik, dis 'n … Jy moet, jy behoort dit te bring. 'n Ware moeder wil haar baba kerk toe neem, en dis die ding wat jy moet doen.

En ons het 'n kamer daar waar jy elke hoek van die gebou kan sien, die hele ouditorium; en 'n luidspreker daar, en waar jy die volume kan beheer soos wat jy wil; met 'n—'n klein toilet aan die einde, en wasbak, en alles net presies vir die moeder se gerief. Met stoele en goed, jy kan gaan sit; plek om jou baba se doek te ruil, as dit verander moet word, en alles is daar. Dis alles beskikbaar.

23 En dan, baiekeer, tienerkinders en soms volwasse, sal begin om … Julle weet, jongmense sal notas aangee, of rusteloos raak, of iets, in die kerk. Nou, jy's oud genoeg om beter te weet. Verstaan? Jy behoort van beter te weet. Sien? Jy behoort nie hiernatoe te kom … As jy verwag om eendag 'n ware man te wees, en 'n familie groot te maak vir die Koninkryk van God, begin dit dan in die begin, jy sien, en —en tree reg op en doen reg, nou, natuurlik.

Nou, die plekaanwysers staan by die ingange van die geboue, ensovoorts. En as enige iets aangaan, hulle is—hulle is verordineer, as hulle plig, en trustees sit hier aan die voorkant, dat in geval iemand hom wangedra, word hulle opdrag gegee om die persoon te vra om stil te bly.

24 Dan, as hulle nie daardie respek het nie, dan sal dit beter wees as iemand anders die sitplek vat, want daar is iemand wat wil hoor. Daar is iemand wat gekom het vir daardie doel, om te hoor. En dis waarvoor ons hier is, is om die Woord van die Here te hoor. En so almal wil Dit hoor, en wil dit net so stil hê as wat hulle kan. Net so stil as wat hulle kan wees; dit is, nie 'n gepraat en steurnis nie.

Natuurlik, iemand wat die Here aanbid, dit word verwag. Dis wat dit behoort te wees. Dis waarvoor jy hier is, is om die Here te aanbid. As jy voel om God te prys, of uit te roep, gaan net reguit aan, sien, want dis waarvoor jy hier is, sien, maar, dis om die Here te aanbid op jou eie manier van aanbidding.

Maar daar is niemand wat die Here aanbid terwyl jy praat en notas aangee nie, en jy help iemand anders om weg te kom van die aanbidding van die Here, sien, so ons voel dat dit verkeerd sal wees. En ons wil dit 'n reel maak in ons kerk, dat in ons gemeente, dat, vir hierdie gebou, hierdie kerk sal toegewy wees aan die Koninkryk van God en aan die preek van die Woord. Bid! Aanbid! Dis die rede waarom jy hierheen moet kom, om te aanbid, dan.

25 En dan nog 'n ding, wanneer die diens verby is, gewoonlik die mense in kerke … ek dink nie—ek dink nie dis hier nie, want … ek's altyd weg, sien, want ek gaan uit.

Gewoonlik, selfs met die preek van ander dienste, die salwing kom oor, en visioene gebeur. En ek is uitgeput, en ek gaan in 'n kamer. En miskien neem Billy, of party van die mans daar, vat my huis toe, en laat my 'n rukkie rus, totdat ek daaruit kom, want dis geweldige inspanning.

En dan ek het kerke gesien, wel, waar die kinders toegelaat is om oral in die kerk te hardloop, en—en die volwassenes wat staan en skree dwars oor die kamer, vir mekaar. Dis 'n goeie manier om die diens wat daardie aand kom, te ruïneer, of watter tyd dit ookal is. Sien?

26 Sodra die diens verdaag is, verlaat die ouditorium. Jy's klaar, met die aanbidding dan. Gaan dan uit en praat met mekaar, en wat jy ookal wil doen. As jy iets het wat jy met iemand mee wil praat, om—om hulle te sien, wel, gaan dan saam met hulle, of na hulle huis, of wat dit ookal is, maar moenie dit in die ouditorium doen nie. Laat ons dit aan God toewy. Sien? Hierdie is Sy ontmoetingsplek, waar ons Hom ontmoet. Sien? En die Wet gaan vanuit die heilige plek, natuurlik. En ek—ek glo dat dit welgevallig sal wees vir ons Hemelse Vader.

27 En dan wanneer jy kom, en jy vind uit dat gawes onder julle begin val … Nou, gewoonlik sal dit … ek vertrou dat dit nooit hier sal wees nie; maar, wanneer mense 'n nuwe kerk het, die eerste ding, dan tree die gemeente styf op. Jy wil dit nooit hê nie. Per slot van sake, hierdie is 'n plek van aanbidding. Hierdie is die huis van die Here. En as geestelike gawes onder julle begin kom …

Ek verstaan, dat sedert ek weg is, dat mense hier ingetrek het uit verskillende dele van die land, om dit hulle tuiste te maak. Ek is dankbaar, dankbaar teenoor God, dat, ek glo dat …

Die oggend toe ek toegewy en daardie hoeksteen daar gelê het, as 'n jongman, het ek gebid dat dit sou staan om die Koms van Jesus Christus te sien. En toe ek het, met duisende dollars skuld, en hulle … Jy kan 'n offergawe in 'n gemeente van hierdie grootte opneem en dertig of veertig sent kry, en ons verpligting was ietwat oor honderd-en-vyftig, tweehonderd dollar per maand. Hoe kon ek dit ooit doen? En ek het geweet ek werk, en ek sou dit afbetaal. Ek … Sewentien jaar van pastoorskap sonder om een sent te neem, maar alles wat ek gehad het gegee, myself, buiten my bestaan; en alles wat in die klein kissie daar agter inkom, vir die Koninkryk van God.

28 En mense het geprofeteer en voorspel dat dit binne 'n jaar se tyd in 'n motorhawe verander sou word. Satan het dit eenkeer probeer wegneem van ons met 'n probleem, in 'n bedrogsaak van 'n regsgeding. 'n Man het beweer hy het sy voet seergemaak terwyl hy daaraan gewerk het, en dit toe laat gaan, en toe … en gedagvaar en wou die tabernakel vat. En vir weke het ek op my pos gestaan. Maar ten spyte van al die misverstande en die voorspellings, en wat hulle gesê het, staan sy vandag as een van die mooiste ouditoriums en die beste kerke wat daar in die Verenigde State is. Dis reg.

29 Van hier af het die Woord van die lewende God gegaan, om die wêreld, sien, om die wêreld; en het voortdurend Sy sirkel om die aardbol geneem, van elke nasie onder die Hemel, sover ons weet, om en om die wêreld. Laat ons hiervoor dankbaar wees. Laat ons dankbaar wees hiervoor.

En nou dat ons 'n plek het om in te wees, 'n dak oor ons hoof, 'n skoon, mooi kerk om in te sit, laat ons onsself nuut toewy aan die taak, en ons toewy aan Christus.

30 En Broer Neville, ons edele broer, ware pastoor, dienskneg van die lewende God. Sover as wat daardie man die Boodskap ken, hou hy Daarby, met alles wat hy het. Dis reg. Hy's 'n saggeaarde persoon. Hy's 'n bietjie bang om … Of, nie bang nie; ek bedoel nie so nie. Maar hy's so, so verskriklik saggeaard, hy praat net nie uit nie, julle weet, wil—om 'n ding te sê wat skerp en snydend is, of: "Gaan sit," of: "Bly stil!" Ek—ek het dit opgelet, en geluister na die bande wat dit beaam.

Maar dit is so dat ek dit kan doen. So ek—ek … En ek—ek wil hê julle moet my woorde onthou, sien. En dit word alles op band gesit, sien. Alles word opgeneem. En, asseblief, laat elke diaken by sy plig staan, en onthou dat jy onder 'n opdrag van God is, om daardie pos heilig te hou. Sien? Elke trustee, dieselfde. Pastoor moet voortbring …

31 Dit is nie die pastoor se plek om dit te moet sê nie. Dis die trustees … of, ek bedoel die diakens, want hulle is die polisie van die kerk. Dit is, as jong mense aan die buitekant kom en horings blaas, en, julle weet, hoe hulle gewoonlik doen, of so-iets, by dienste, of daar uitgaan. En moeder stuur haar meisie hiernatoe, en sy gaan met een of ander afvallige kind, en gaan daar in die motor, en haar ma dink

sy is in die kerk, soos dit Die diaken behoort daarvoor te sorg. "Jy kom óf in en gaan sit, of ek gaan jou in my motor sit en jou huis toe neem na jou moeder." Sien? Julle, julle moet dit doen.

32 Onthou, liefde is teregwysend, sien, altyd. Ware liefde is teregwysend, so jy moet in staat wees om die teregwysing te doen. En, moeders, weet nou dat daar 'n plek daar is vir julle babas. Julle jong kinders weet beter as om in die gebou te hardloop. Sien? En julle volwassenes weet van beter as om te praat en julle gesprekke voort te sit in die ouditorium. Sien? Moet dit nie doen nie. Dis verkeerd. Dit behaag God nie.

Jesus het gesê: "Daar staan geskrywe: My huis sal 'n huis van aanbidding, gebed gemaak word. Genoem die huis van gebed, deur alle nasies!" En hulle het gekoop en verkoop, en Hy het toue gevleg en die mense uit die ouditorium uitgedryf. En ons wil beslis nie hê dit moet hier in hierdie heiligdom gebeur nie. So, laat ons ons lewens toewy, ons kerk, ons take, ons diens, en alles wat ons het, aan die Koninkryk van God.

33 Nou, nou wil ek 'n paar Skrifte lees voor ons die toewydingsgebed het. En—en, nou, dis net 'n hertoewyding, want die ware toewyding het dertig jaar gelede gebeur. Nou in 'n … Nou, dan soos ons—ons hierdie Skrif lees en daaroor praat vir 'n paar minute, vertrou ek dat God Sy seëninge sal bring op ons.

En nou was daar nog 'n ding wat ek wou sê. Ja. Waar ons altyd die opnemers gehad het, ensovoorts, ons het 'n gewone kamer daar, vir diegene wat opnames wil maak. Daar is spesiale aansluitings, en alles daar, wat direk vanaf die hoofmikrofoon kom, daarbinne.

Daar is kamers, klere, alles vir doopdiens.

34 En nou een ding, baie mense het altyd sleg gevoel vir my, baie mense wat regtig nie die Skrif geken het nie, oor om 'n kruis in 'n kerk te hê. Ek onthou eenkeer het iets hier gebeur oor dit. Ek het drie kruise gehad, en 'n broer het heeltemal opgewerk geraak want hy het 'n ander denominasie hoor sê dat 'n kruis Katoliek beteken.

Ek wil hê een of ander student, of iemand, of een of ander wedergebore Christen, moet sê dat Katolieke die reg het op die kruis. Kruis van Christus verteenwoordig nie Katolisisme nie. Dit verteenwoordig God, die Koninkryk. Nou, heiliges verteenwoordig Katolisisme. Ons glo daar is "een Middelaar tussen God en die mens, en dis Christus." Maar Katolieke glo in alle soorte bemiddelaars, duisende vroue en mans, en alles; enige goeie Katoliek, amper, wat sterf, word 'n bemiddelaar. Nou, kruis van Christus verteenwoordig Jesus Christus.

35 Het julle geweet die vroeë Christene, volgens die—die antieke geskiedenis van die vroeë kerk, hulle het kruise op hulle rug gedra, waar hulle ookal gegaan het, om aan te dui en hulleself as Christene te identifiseer? Nou, die Katolieke beweer dit was hulle. Natuurlik, hulle beweer hulle was die eerstes, maar die Katolieke kerk was toe nie eens georganiseer nie. Sien? Maar Christene het 'n kruis gedra op … Julle het mense hoor sê: "crossback." Julle verwys na dit as Katoliek?

Dit is die ware katoliek, die universele Heilige Gees Kerk van die wêreld, is korrek. Ons is katoliek. Ons is die oorspronklike katoliek, die Bybel-gelowige katoliek. Sien? Hulle is die kerk, Katoliek, die organisasie. Ons is vry daarvan. Ons is die voortsetting van die Doktriene van die apostels. Ons is die voortsetting van die doop van die Heilige Gees en al die dinge waarvoor die vroeë Kerk gestaan het, en die Katolieke kerk het niks van dit nie. Sien?

36 So, hulle het die kruis hier geplaas, wat gebring is, wat uit die olyfboom gekap is waaronder Jesus gebid het. Dis die kruis van jare terug, en is vir my gegee deur Broer Arganbright. En ek wil dit saam met hierdie kerk toewy.

En hoe gepas, dat, wie dit ookal daar gehang het. Ek weet nie wie dit was, wat dit hier aan my—aan my linkerkant gehang het nie. Hy het die dief aan Sy regterkant vergewe; dis ek.

En nog 'n ding wat dit verteenwoordig, soos Sy hoof gebuig is, soos jy Sy lyding sien. Enige persone wat … Dit kyk oor die altaar. En Hy verwag jou hier, sondaar, en Hy sal afkyk op jou. Later sal hulle 'n klein liggie hê wat hier sit, dat wanneer die altaaroproep gemaak word, sal 'n lig daarop flits, dat wanneer mense hier is vir …

37 Jy sê: "Waarom het jy dit nodig? Jy behoort nie 'n beeld te hê nie."

Wel, dan, dieselfde God wat gesê het: "Moenie vir julle enige gesnede beelde maak nie," dieselfde God het gesê: "Bou twee gérubs en kantel hulle vlerke, en sit hulle by die Genade Sitplek waar die mense bid."

Julle sien, dis—dis, sonder begrip. Sien?

So, dit is geïnspireerd en direk op sy regte plek gehang. En ek is so dankbaar om die een aan die regterkant te wees. Ek vertrou dat Hy my vergewe het, want ek, dat ek letterlik enigiets gesteel het, sover ek weet, het ek nooit in my lewe gedoen nie; maar ek het Sy tyd so misbruik dat ek so gesteel het. En ek het baie dinge gedoen wat ek nie behoort te gedoen het nie. En ek is dankbaar teenoor God, vanmôre, dat Hy my sondes vergewe het.

38 En nou wil ek lees uit die Boek van Een Kronieke 17, en net vir omtrent vyf minute praat oor toewydingsdiens, bid, en dan gaan ons in die Boodskap in. Nou, in Een Kronieke, die—die 17de hoofstuk.

*En toe Dawid in sy huis gewoon het, sê Dawid aan die profeet Natan: Kyk, ek woon in 'n huis van sederhout, maar die verbondsark van die HERE onder tentdoeke.*

*Toe sê Natan vir Dawid: Doen alles wat in u hart is, want God is met u.*

*Maar in dieselfde nag kom die woord van God tot Natan en sê:*

*Gaan sê vir Dawid, my kneg: So spreek die HERE: Jy mag nie vir My die huis bou om in te woon nie.*

*Ek het tog in geen huis gewoon van die dag af dat Ek Israel laat optrek het tot vandag toe nie, maar Ek het gekom van tent tot tent, en van tabernakel tot tabernakel.*

*Ooral waar Ek rondgetrek het onder die hele Israel, het Ek ooit 'n woord gespreek met een van die Rigters van Israel wat Ek aangestel het om my volk op te pas, en gesê: Waarom bou julle nie vir My 'n huis van sederhout nie?*

*So moet jy dan nou aan my kneg Dawid sê: So spreek die HERE van die leërskare: Ek self het jou geneem uit die weiveld, agter die skape weg, om 'n vors te wees oor my volk Israel.*

*En Ek was met jou oral waar jy gegaan het, en het al jou vyande uitgeroei voor jou uit; en Ek sal vir jou 'n naam maak soos die naam van die grotes wat op die aarde is.*

39 Ek wil graag sê, op hierdie plek, dat—dat Dawid dieselfde ding gesien het wat ons gesien het. Dawid het gesê: "Dit is nie reg dat julle vir my 'n huis van seder gebou het, en die verbondsark van my God is steeds onder tente nie." Dit was velle wat aanmekaar gewerk was, van skape en diere. Hy het gesê: "Dit is nie reg vir my om 'n mooi huis te hê, en die ark van die verbond van my God wat in 'n tent bly nie." So, God het dit op sy hart gesit om 'n tabernakel te bou.

Maar, Dawid, synde 'n—'n man van—van liefde en toewyding aan God, maar hy het te veel bloed gestort. So hy het gesê … Dawid, wat dit gespreek het in die teenwoordigheid van die profeet van daardie eeu, wat Natan was. En Natan, in die wete dat God Dawid liefgehad het, het gesê: "Dawid, doen alles wat in jou hart is, want God is met jou." Wat 'n stelling! "Doen alles wat in jou hart is, want God is met jou." En daardie selfde aand … Wys die toewyding van Dawid vir die liefde van God.

40 En dan om te sien, dieselfde aand, in die wete dat hy verkeerd was, dat hy nie toegelaat is om dit te doen nie, God was genadig genoeg om af te kom en met Natan te praat. En ek het altyd gehou van hierdie woorde: "Gaan sê vir Natan My … Gaan sê vir Dawid My dienskneg, dat: 'Ek het jou uit die skaapkraal geneem.'" Net, hy was niks nie.

En ek—ek wil dit graag hier toepas, net 'n oomblik. "Ek het jou gevat van niks, en ek—ek—ek het jou 'n naam gegee. Jy het 'n naam soos prominente mans het wat op die aarde is." En ek wil dit graag toepas in 'n—in 'n vertroulike, tog op 'n—'n manier om 'n punt te bewys. Ek het gedink dat …

'n Paar jaar gelede, het ek hier in die stad gestaan, en niemand het vir my omgegee nie. Niemand het my liefgehad nie. En ek het mense liefgehad, maar niemand het my liefgehad nie, as gevolg van die agtergrond van die familie. Geen minagting aan my kosbare moeder en vader nie.

Hoe wens ek dat mamma kon gelewe het om in hierdie heiligdom te loop, vanmôre. Baie van die oues wat hulle geld bygedra het om dit hier te help bou, miskien sal God, vanmôre, hulle oor die leuning laat kyk.

41 Maar die familie van Branham het nie 'n baie goeie naam hierrond gehad nie, as gevolg van drank. Niemand het niks met my te doen gehad nie. En ek onthou ek het my vrou vertel nie lank gelede nie, het net onthou dat ek—ek nie enigiemand kon kry om met my te praat nie. Niemand het vir my omgegee nie. En nou moet ek wegkruip, om 'n bietjie rus te kry.

En nou het die Here ons hierdie wonderlike plek gegee, en—en hierdie groot dinge wat Hy gedoen het. En Hy gee my 'n … Buiten 'n—'n slegte naam, het Hy my 'n naam gegee soos sommige van die welbekende mans. En Hy het my vyande afgesny waar ek ookal gegaan het. Daar was nooit iets wat

voor Dit gestaan het nie, waar Dit ookal gegaan het. Maar, en hoe dankbaar is ek nie daarvoor nie.

42 En hoe sou ek ooit geweet het; as 'n klein verflenterde kind hierbo, twee of drie blokke van hier, van die Ingramville Skool, toe ek die bespotting van die skool was, omdat ek so verflenterd was, en geskaats het op 'n ou dam? Hoe het ek ooit geweet dat daar onder daardie dam 'n saad van 'n lelie gelê het wat kon blom soos die? En hoe het ek ooit geweet, dat, niemand met my praat nie, en tog sou Hy my 'n—'n naam gee wat geëer sou word onder Sy mense?

43 En, nou, Dawid was nie toegelaat om die tempel te bou nie. Hy kon dit nie doen nie. Maar Hy het gesê: "Ek sal oprig uit jou saad, en hy sal die tempel bou, en daardie tempel sal 'n ewige tempel wees. En op jou seun, die seun van Dawid, sal 'n ewige koninkryk wees; wat hy sal beheer." Salomo, Dawid se seun in die natuurlike, van sy natuurlike krag, het 'n huis vir die Here gebou, 'n tempel.

Maar met die koms van die ware Saad van Dawid, die Seun van Dawid, het Hy vir hulle gesê daar sou 'n tyd kom dat daar nie een klip op die ander gelaat sou word nie, van daardie tempel. Maar Hy het hulle probeer wys na 'n ander tempel.

44 Johannes, die openbaarder, in die Boek van Openbaring, hy het hierdie Tabernakel gesien. Openbaring 21, het hy gesien: "Die nuwe Tempel wat kom, wat neerdaal uit die Hemel, versier soos 'n bruid vir haar man versier is. En 'n Stem uit die Tempel, het gesê: "Kyk, die Tabernakel van God is by mense, en God sal met hulle wees, en hulle sal al die trane van hulle oë afvee. En daar sal geen honger meer wees nie, of geen droefheid, geen pyn of dood meer wees nie; want die vroeëre dinge het verby gegaan."

Dan sal die ware Seun van Dawid, soos ons gaan sien in hierdie lesse komende in hierdie week, sal dan kom na Sy Tempel, die Tempel van God, die ware Tabernakel wat Hy weggegaan het om nou te bou. Want, Hy het gesê, in Johannes 14: "In My Vader se Huis is baie wonings, en Ek sal gaan …" Wat het Hy daarmee bedoel? Dis alreeds voorbestem. "En Ek sal gaan om 'n Plek vir julle te berei, en sal terugkeer, om julle vir Myself te ontvang." En, natuurlik, ons weet dit sal in die groot Tydperk wees wat kom. En die ware Saad van Dawid sal die Troon opneem, wat Jesus Christus is, en sal daar oor die Kerk heers, as Sy Bruid, in die Huis saam met Hom, en oor die twaalf stamme van Israel, dwarsdeur alle Ewigheid.

45 En hierdie klein plekke; soos Dawid, kon nie die ware Tabernakel van God bou nie, want hy was nie gereed om dit te doen nie. Daar was niks wat hy kon doen nie. Hy was 'n sterfling, en het bloed gestort. So is dit vandag, vir ons, ons is nie gereed om die ware Tabernakel van God te bou nie. Daar's net Een wat dit kan doen, en Dit is nou Sy konstruksie.

Maar hierdie klein tabernakel, saam met die tempel wat Salomo Hom gebou het, en saam met die ander, is net tydelike plekke van aanbidding totdat die tyd kom wanneer die ware Tabernakel op die aarde opgerig sal word. "En geregtigheid sal heers van hemel tot hemel. En daar sal geen droefheid meer wees nie." Daar sal geen begrafnisse gepreek word in daardie Tabernakel nie. Daar sal nie meer troues wees nie, want die Bruilof sal een groot Bruilof vir Ewigheid wees. Wat 'n tyd sal dit nie wees nie!

46 Maar laat ons beaam in ons hart, vandag, dat ter herdenking en wagtend vir daardie Tabernakel om te kom, dat ons onsself so sal karakteriseer deur Sy Gees, dat ons in hierdie plek sal aanbid asof ons in daardie ander Plek is, wyl ons wag vir daardie Plek.

Nou laat ons op ons voete staan, en terwyl ek die Heilige Skrif lees.

> *En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.*
>
> *… En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.*
>
> *En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.*

Laat ons nou ons hoofde buig.

47 Ons Hemelse Vader, ons staan in verwondering. Ons staan in respek en in Heilige eerbied. En ons vra U, Here, om ons gawe te aanvaar, U het ons genade gegee, geld, om voor te berei 'n aanbiddingsplek vir U. Daar is niks, of geen plek wat ons op die aarde kan voorberei, wat waardig sou wees vir die—die Gees van God om in te woon nie. Maar ons offer hierdie aan U as 'n teken van ons liefde en gevoelens teenoor U, Here. En ons dank U vir al die dinge wat U vir ons gedoen het.

En, nou, die gebou en die gronde wat lank gelede toegewy is, vir die diens, en ons dank U vir herinneringe van wat was. En nou, Here God, soos 'n visioen deurgebreek het, jare gelede, wat dit gewys het, waar ek 'n ou gebou gesien het waarin die mense eens was, en dit is herstel en nuut gemaak, en ek is teruggestuur oor die rivier.

48 Nou, Here God, Skepper van hemele en aarde, ons staan soos die mense van U kudde. Ons staan as die—die—die—die mense van U Koninkryk. En met myself, en die pastoor, en die kerk, die mense, wy ons hierdie gebou toe vir die diens van die Almagtige God, deur die Naam van Jesus Christus, Sy Seun, vir die diens van God, en vir eerbied en respek van God . En mag die Evangelie so uit hierdie plek vloei totdat Dit die wêreld sal laat kom uit die vier uithoeke van die aardbol, om die Heerlikheid van God daaruit te sien uitgaan. Soos U gedoen het in die verlede, mag die toekoms baie maal groter wees.

49 Vader, ons wy ons nou toe vir die diens, deur die Woord, met alles wat in ons is. Here, die gemeente en die mense, hulle wy hulleself toe, vanmôre, aan die Woord wat hulle hoor. En ons, as predikers, wy onsself toe: "Aan die preek van die Woord; om reg in seisoen te wees, buite seisoen; berispe, teregwysing met alle lankmoedigheid." Soos dit daar in die hoeksteen geskryf is, van dertig jaar gelede. U het gesê: "Die tyd sal kom wanneer mense nie gesonde Doktriene sou verdra nie, maar vir hulleself leraars sou kry, met jeukerige ore; en gedraai word van die Waarheid, na fabels." Here, soos ons probeer het om die Woord na die mense uit te hou, mag ons geïnspireer en versterk word met 'n dubbele poging. Here, soos 'n dubbele porsie van die Gees die plek tref, mag die Heilige Gees …

50 Soos dit was in die dag van die inwyding van die tempel, toe Salomo gebid het; die Heilige Gees, in die vorm van die Kolom van Vuur en Wolk, by die voordeur ingekom, opgerol het rondom die Gérubs, oorgegaan het na die Heilige Plek en daar Sy rusplek ingeneem het. O God! Salomo het gesê: "As U mense êrens in die moeilikheid is, kyk na hierdie Heilige Plek en bid, hoor dan uit die Hemel."

Here, mag die Heilige Gees, vanmôre, in elke hart kom, elke toegewyde siel wat hierbinne is. En die Bybel sê, dat: "Die Heerlikheid van God was so groot dat die predikers nie eens kon preek nie, tot die Heerlikheid van God." O Here God, laat dit weer herhaal soos ons onsself aan U gee, saam met die kerk, in toewyding vir diens. En daar staan geskrywe: "Vra, en julle sal ontvang."

51 En ons wy onsself toe, met ons offergawe van die kerk, vanmôre, aan U, vir diens, vir die laaste-dag Ligte, vir die Aand-tyd Ligte; dat ons vertroosting en geloof kan bring na die wagtende mense wat wag vir die Koms van die Bruidegom, om 'n Bruid in die Evangelie van Christus aan te trek, vir die Here Jesus om te ontvang. Dit wy ons toe, myself, Broer Neville, en die gemeente, aan die diens van God, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Julle mag sit.

52 Dawid het gesê: "Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons in die huis van die Here ingaan." En mag dit altyd so met ons wees, dat, wanneer dit genoem word, ons bly sal wees om in die huis van die Here bymekaar te kom. [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Amen.

53 Nou, na die klein toewydingsdiens, het ek nou 'n uur.

54 En, nou, onthou nou net waaraan ons toegewy is; tot eerbied, heiligheid, stilte voor die Here, aanbidding voor die Here. En wees net so eerbiedig as wat jy kan wees, in die huis van die Here. En, nou, en wanneer die diens verdaag is, onmiddellik na die diens verdaag is, gaan uit die gebou uit. Sien? En dit gee die opsigter tyd om hier in te kom en dit skoon te maak vir die volgende keer, en gereed te maak. En dan is dit nie 'n verwarring in die huis van die Here nie. En …?… Ek dink julle … plek sal leeg wees binne omtrent vyftien minute nadat die dienste verdaag is. Maak seker om vriendelik te wees. Skud hande met almal, en nooi almal terug.

55 En—en ons verwag om nou, hierdie komende week, een van die mees plegtige dienste te hê wat ooit in die tabernakel gehou is. Ons sien uit daarna. Nou, ek—ek … dit het nooit tot my deurgedring nie totdat iets … tot lank, laat, in die nag gisteraand, in gebed, het ek iets begin sien. So, ek vertrou dit sal 'n wonderlike tyd wees, wat ek glo dit sal, as die Here ons sal help. Nou, nou, toe ek gesê het: "groot tyd," nou, ek gaan oor iets daarvan praat, vanmôre. Julle weet, wat die mens "groot" noem, is nie altyd groot nie. Maar wat God "groot" noem, noem die mens dwaas; en wat God "dwaas" noem, noem die mens groot. So laat ons dit in gedagte hou, elke Woord opweeg.

56 Nou, die dienste is lank. Hulle sal uitgerek word, want dis 'n moeilike diens, baie leer, toewyding. En ek het net …

Die plek waar ek bly, die mense probeer net, wil my net kos gee, maar ek … Hulle het gesê: "Wel, jy het soveel gewig verloor, Broer Branham, alles." Maar ek is voortdurend in diens. Ek moet volgende Sondagaand hier vertrek, om by 'n ander een te kom, sommer gou, in Mexiko. So, dis net 'n moeilike ding. So, maar ek probeer net wegbly van te veel eet, en—en maak myself gereed.

En ek is bly, vanmôre, om Broer Junior Jackson te sien, en—en Broer Ruddell, en—en die verskillende predikers, ensovoorts, rondom. God seën julle almal.

57 Nou ek—ek wil—wil met julle praat vanmôre oor 'n onderwerp wat ek 'n paar notas hier gemaak het. En ek wil eers lees uit die Boek van Jesaja, die 53ste hoofstuk. Nou, terwyl julle daarnatoe blaai, wil ek

graag 'n aankondiging maak, of twee.

Nou, vanaand, wil ek oor *hierdie* Boek praat, Dit oorbrug tussen die laaste kerkeeu tot die Seël-opening. Nou, daar's 'n groot gaping daarin.

En, voorheen, toe ek geeindig het met die kerkeeue, het ek ook daar gepraat oor die sewentig weke van Daniël, het onmiddellik daarna gevolg, want dit het ingeskakel. En ek het gesê: "Nou, as ek ooit die Sewe Seëls neem, sal ek van hierdie Daniël se sewentig weke ontslae moet raak, om die Seëls in te bring." Een ding oopgelaat, en dit was die 5de hoofstuk, van die Sewe-verseëlde Boek. En ons sal dit vanaand neem.

58 Ons wil probeer om vroeg vanaand te begin. Wat van my … Jy het dit alreeds genoem, het jy, begin vroeg? [Broer Neville sê: "Ja." — Red.] Wat van, kan almal hier wees omtrent sewe-uur? [Gemeente sê: "Amen."] Goed. Laat ons die gewone diens begin om ses-dertig, die sangdiens, en ek sal teen sewe hier wees. En dan deur die week sal ons vroeg begin. En—en ons, nou, ons kom …

Daar's niemand wat daarvan hou om te sing soos Christene nie. Ons hou van sing. Ons het daardie dinge lief.

59 Maar nou is ons—ons is nou in iets anders. Ons is—ons is in die Woord, sien, so laat ons—laat ons nou net Daarby bly. Ons gaan. Ons is—ons leer. En julle kan besef watter groot spanning dit op my is, sien, want, as ek julle enigiets verkeerd leer, sal ek daarvoor moet antwoord. Sien? En daarom moet ek nie vat wat enigiemand sê nie. Ek moet … Dit moet geïnspireerd wees. En ek glo dat die Sewe Engele, Wie hierdie Sewe Donderslae hou, dit sal skenk. Sien?

60 En nou in Jesaja, die 53ste hoofstuk van Jesaja, die 1ste vers, of twee. Ek wil hierdie vraag vra.

Nou, dit het glad nie betrekking op die Sewe Seëls nie, glad nie Hierdie is net 'n Boodskap. Want, ek het geweet ek moes toewyding hê, en ek kon nie Daarop ingaan nie want ek sou nie tyd hê nie. Maar ek het gedink, net vir 'n klein toewydingsdiens, klein gedenkdiens vir hierdie kerk, of klein toewydingsdiens, eerder, dan sal hulle … dan sal daar nie tyd wees om in te gaan op wat ek wil sê nie, sien, met hierdie oopmaak van hierdie Boek, so ek sal vanaand. En nou hierdie is net 'n klein diens, dat, dit—dit sal reg Daarby inskakel, egter.

61 So, nou, luister na elke Woord. Begryp Dit. En—en as julle Dit op bande sit, of enigiets, dan bly julle reg met daardie band se Onderrig. Moet niks sê behalwe wat daardie band sê nie. Sê net presies wat die band sê. Sien? Nou, want, sommige van daardie goed, ons gaan nou baie van dit verstaan, waarom Dit misverstaan word. Sien? En wees julle seker, sê net wat die band sê. Moet niks anders sê nie. Sien? Want, ek sê nie Dit myself nie. Dis Hy wat Dit sê, julle sien. En soveel keer, verwarring, mense staan op en sê: "Wel, So-en-so het gesê Dit beteken so-en-so." Laat —los Dit net soos Dit is.

62 Sien, dis hoe ons die Bybel wil hê. Net soos die Bybel Dit sê, dis hoe ons Dit wil hê, net—net So. Moenie eie interpretasie Daarin sit nie. Dis alreeds geïnterpreteer, julle sien. Nou:

*Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?*

Laat ek dit nou weer lees, aandagtig.

*Wie het geglo wat aan ons verkondig is?* (Vraag!) *En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?*

Met ander woorde: "As jy ons verslag geglo het, dan is die arm van die Here geopenbaar." Sien?

*Wie het ons verslag geglo? en aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?*

63 Nou ek wil ook lees in die Boek van Matthéüs se Evangelie, die 11de hoofstuk van Matthéüs. En, nou, bring julle papiere en goed, want ons is voortdurend … As jy nie 'n opnemer het nie, bring—jy die … jou papier sodat ons dit kan kry. Die 11de hoofstuk van Matthéüs, die 25ste en 26ste verse, 11:26 en 27. Goed, Jesus praat, in gebed. Ek wil 'n bietjie voor dit begin. Laat ons dit die 25ste en 26ste vers maak. Ek glo dis waar ek aangekondig het, want, ek het dit hier in my Bybel gemerk.

*In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.*

*Ja, Vader, want so was dit u welbehae.*

64 Begryp daardie twee Skrifte. "Wie het ons verslag geglo? En aan wie is die arm van die Here geopenbaar?" Selfs toe het Jesus God gedank dat Hy die verborgenhede verberg het vir die wyse en verstandige, en dit sou openbaar aan kindertjies wat sou leer, want dit het goed gelyk vir God om dit te doen." Nou, uit hierdie teks, of ver- …

Uit hierdie Skriflesing trek ek hierdie teks: *God Verberg Homself In Eenvoud, Dan Openbaar Hy Homself Dieselfde.* Nou, vir die bande bly ek herhaal, vir die bande, julle sien, want hulle—hulle neem Dit op. Sien? *God Verberg Homself In Eenvoud, Dan Openbaar Hy Homself Dieselfde.*

65 Dit is vreemd om te dink hoedat God so-iets soos dit doen. God sal Homself in iets so eenvoudig verberg wat die wyse dit 'n miljoen myl sal laat mis; en draai dan weer reg om, daarin, een of ander eenvoudige ding in die eenvoud van Sy manier van werk, en openbaar Homself weer reguit. Ek het gedink dit het 'n—'n teks gemaak, dat ons dit mag bestudeer voordat ons in die—die—die groot Leringe van die Sewe Seëls gaan. Baie mis Hom deur die manier waarop Hy Homself openbaar.

66 Nou, mense het hulle eie idees van wat God behoort te wees en wat God gaan doen. En soos ek baiekeer die ou stelling gemaak het, dat, mens bly steeds mens. Die mens gee God altyd lof vir wat Hy gedoen het, en sien altyd uit na wat Hy sal doen, en ignoreer wat Hy doen. Sien? Sien? Dis hoe hulle dit mis. Hulle kyk terug en sien watter groot ding Hy gedoen het, maar hulle sien nie watter eenvoudige ding Hy gebruik het nie, om dit mee te doen. Sien? En dan kyk hulle vorentoe en sien 'n groot ding kom, wat gaan gebeur, en, nege keer uit tien, gebeur dit alreeds reg rondom hulle. En dis so eenvoudig dat hulle dit nie weet nie. Sien?

67 Op 'n dag, 'n—'n man hierbo by Utica … En as sommige van sy mense hier is, ek sê dit nie vir enige—vir enige radikale blootstelling van die man nie. Hy was 'n —'n veteraan van die Burger Oorlog. En ek glo hy was … ek weet nie aan watter kant hy was nie, maar ek glo hy was 'n Rebel. Maar, hy—hy was 'n ongelowige, en hy het beweer dat daar nie so-iets soos God was nie. Hy het in Utica gewoon. Sy naam was Jim Dorsey. Baie van julle mense het hom dalk geken.

Hy het my baie waatlemoene gegee, toe ek 'n klein kêreltjie was. Hy het waatlemoene gegroei onder by die rivier, in die—aan die einde daar. En hy was nogal 'n vriend van my pa. Maar hy het gesê, eendag, een van die mees uitstaande dinge wat ooit aan hom gesê is, in teenstelling. Nou, ek was net 'n klein seuntjie in daardie dae. Maar, in teenstelling met sy geloof, wat gemaak het dat hy wegstap en sy kop laat sak en huil. En ek het verstaan dat, deur dit, was die man glorieryk bekeer tot Christus op die ouderdom van omtrent vyf-en-tagtig jaar oud.

68 Hy het 'n dogtertjie gevra, eendag, wat van die Sondagskool af gekom het, hoekom het sy haar tyd gemors om so-iets soos dit te doen? Sy het gesê, omdat sy geglo het dat daar 'n God was. En Mnr. Dorsey het gesê, hy het gesê: "Kind, jy is so verkeerd, om in so-iets soos dit te glo."

En gesê dat die dogtertjie neergebuig het en 'n—'n blommetjie opgetel het uit … van die grond af, dit van die kroonblare afgetrek, en gesê: "Mnr. Dorsey, kan jy my sê hoe dit lewe?"

Dit was dit. Toe hy begin terugdink, kon hy vir die kind gesê het: "Wel, dit groei in die aarde." En dan kon die vrae terug gegaan het: "Waar het die grond vandaan gekom? Hoe het daardie saad daar gekom? Hoe het dit gebeur?" Aan, en aan, en aan, en teruggegaan totdat hy kon sien. Sien?

Nie die groot glansryke dinge waaraan ons dink nie, maar dis die eenvoudige dinge waarin God so werklik is, die eenvoud. So, dit behaag God om Homself te openbaar, en Homself dan te verberg; verberg Homself dan, en openbaar Homself, in eenvoudige, klein goedjies. Dis—dis ver bokant die verstand waarmee die mens dink.

*Want, as jy sou sê: "Waarom sou 'n regverdige God dit doen?"*

69 Is hoedat die man gemaak is, in die begin, om nie dit homself te probeer uitdink nie. 'n Mens is gemaak om volkome op God te vertrou. Dis waarom ons vergelyk word met lammers, of skape. 'n Skaap kan homself nie lei nie; hy moet 'n leier hê. En die Heilige Gees is veronderstel om ons te lei. So, die mens is so gemaak.

En God het al Sy werke so eenvoudig gemaak, dat die eenvoudige dit kon verstaan. En God maak Homself eenvoudig, met die eenvoudige, ten einde verstaan te word deur die eenvoudige. Andersins, het Hy gesê, in Jesaja 35, glo ek. Hy het gesê: "Selfs die dwase sal nie dwaal nie." Dis so eenvoudig!

70 En ons weet dat God so groot is, dat ons verwag dat dit een of ander groot iets sal wees, en ons mis die eenvoudige ding. Ons struikel oor eenvoud. Dis hoe ons God mis, is deur te struikel oor eenvoud. God is so eenvoudig totdat die geleerdes van hierdie dae, en alle dae, Hom 'n miljoen myl mis. Want, in hulle intellek, weet hulle dat daar niks soos Hy is nie, so groot; maar, in Sy openbaring, maak Hy dit so eenvoudig dat hulle reg bo-oor dit gaan en dit mis.

71 Nou, bestudeer Dit. Bestudeer Dit alles. En julle mense wat hier kuier, wanneer julle na julle motel kamers gaan, neem daardie dinge en peins oor hulle. Ons het nie tyd om Dit af te breek soos Dit afgebreek behoort te wees nie, maar ek wil hê julle moet dit doen wanneer julle by die motel kom, of hotel, of waar julle ookal bly, of die huis. Kom bymekaar en bestudeer Daaroor.

72 Mis Hom op die manier wat Hy Homself openbaar; want Hy is so groot, tog, verberg Homself in eenvoud, om Homself aan die geringste bekend te maak. Sien? Moenie die groot probeer kry nie, want Hy gaan bo-oor dit. Maar luister na die eenvoud van God, en dan vind jy God net hier op die eenvoudige manier.

Hooggepoleerde, wêreldse wysheid, geleerd, mis Hom altyd. Nou, ek is nie hier … En ek weet daar is skoolonderwysers, twee of drie, waarvan ek weet, wat hierbinne sit. En ek is nie hier om skool en geleerdheid te weerspreek nie, en ongeletterdheid te probeer ondersteun nie. Ek is nie hier daarvoor nie. Maar, wat dit is, die mense het soveel daarop geplaas dat hulle, selfs in die kollege ensovoorts, hulle mis die einste ding wat God voor hulle geplaas het.

73 Dis waarom ek nie teen broers is wat in denominasies is nie, maar ek is teen die stelsel van denominasies, omdat dit probeer om dit te vergroot, en—en—en sy predikers leer op so—so 'n plek, totdat, as hulle nie die regte geleerdheid en skool het nie, word hulle uitgejaag. En—en hulle moet die psigiater se toets doen, ensovoorts. Ek het nooit gedink dit was God se wil om 'n prediker deur psigiatrie te laat toets nie, maar om hom te toets deur die Woord. Sien? Dit—dit—dit sou God se manier wees om Sy man te toets wat Hy uitgestuur het, om die Woord te hê.

"Preek die Woord!" Nou, vandag preek ons filosofie, ons preek leerstellings en denominasionalisme, en soveel dinge, en laat die Woord uit, want hulle sê Dit kan nie verstaan word nie. Dit kan verstaan word. Hy het belowe om dit te doen. Nou ons vra Hom om dit te doen.

74 Nou ons gaan 'n paar karakters hier neem vir 'n paar minute.

Laat ons oplet in die dae van Noag. Noag se dag, God het wêreldse wysheid gesien wat so erg beklemtoon en gerespekteer is, Hy het 'n eenvoudige boodskap gestuur deur 'n eenvoudige persoon, om hulle Sy grootheid te wys.

Nou, ons weet dat in die dag van—van—van Noag, beweer hulle dat 'n beskawing so magtig was, toe, dat ons nog nooit daardie punt bereik het, in ons moderne beskawing nie. En ek glo dat dit uiteindelik bereik sal word, want ons Here het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees met die Koms van die Seun van die mens." Hy het 'n paar illustrasies gegee.

75 En hulle het die piramide en die sfinks daar in Egipte gebou, en hulle het reusagtige dinge gebou wat ons vandag geen krag het om so-iets mee te bou nie. Hulle het 'n—'n—'n balsem gehad, wat hulle 'n liggaam kon balsem, om dit so natuurlik te laat lyk dat dit steeds vandag so is. Ons kan nie. Ons kan nie vandag 'n mummie maak nie. Ons het nie die goed om dit mee te maak nie. Hulle het kleure gehad wat—wat so goed gehou het, vier-of vyfduisend jaar gelede, dit bly steeds net dieselfde kleur as wat dit was. Sien? Ons het nie so-iets soos dit vandag nie.

76 En baie groot dinge van daardie beskawing spreek van sy meerderwaardigheid bo ons moderne beskawing. En so kan julle julle voorstel hoe geleerdheid en wetenskap, van sulke groot tekens wat ons het, dat daar so 'n beskawing was. Wat 'n—watter groot beskawing moes dit wees, wel, hierdie gedenktekens, hoe daardie wetenskap en—en moderne beskawing en geleerdheid was—was 'n —was 'n moet vir die mense. "Hulle moet wees. Dit moes wees." Daar was skaars enige, dink ek, enige ongeletterdheid onder hulle, glad nie.

77 En so, het God, deur daardie groot ekonomie gesoek op daardie dag, in hulle stelsels, kon, miskien, nie die regte tipe man vind nie, totdat Hy 'n ongeletterde, miskien, boer met die naam van Noag, 'n skaapwagter, gevind het. En Hy het hom Sy boodskap gegee om vir die mense te preek, dit was so eenvoudig, vir hulle—hulle studente van daardie dag, dat die mense oor die eenvoud van die boodskap gestruikel het. En, tog, die boodskap was, volgens die wetenskap: "Radikaal! Hoe kon daar reën in die lug wees, wanneer daar geen reën daarbo was nie?" Sien? En die eenvoudige boodskap van—om 'n ark te bou, iets bou om in te gaan, waar daar geen water is om op te dryf nie. Wel, hy het 'n fanatikus geword. En hy het 'n—'n—'n— … wat ons sou noem, as jy die uitdrukking van vandag sou verskoon, 'n "eksentrieke ou geword."

En byna al God se mense is "eksentriek," sien. Hulle is. Ek is bly om een van hulle te wees. So, julle weet, hulle—hulle is anders as die—die moderne tendens van beskawing, so hulle word sonderling, vreemd. Hy het gesê Sy mense was "Eienaardige mense, sonderling, vreemd; maar 'n geestelike priesterskap, 'n koninklike nasie, wat geestelike offerhandes aan God bring, die vrugte van hulle lippe, prys Sy Naam." Wat 'n—wat 'n mensdom! Hy het hulle.

78 En let op, nou, wat 'n groot ding moes dit in daardie dag gewees het, vir een of ander fanatikus om na die kerk te gaan; 'n fanatikus, en 'n evangelie preek wat skynbaar heeltemal uit lyn was, volgens hulle manier van glo. En wetenskaplikes: "Wel, dit—dit was eenvoudig waansinnig." Hoe hulle kon wetenskaplik bewys daar was geen reën daar nie!

Maar hierdie eenvoudige skaapwagter het geglo: "As God gesê het dit sal reën, sal dit reën." Sien?

En so vergelyk dit net met vandag, met iemand wat genees word. Hulle sê: "Dis net emosie. Ek kan wetenskaplik vir julle bewys dat die kanker, of die stof, of—of—of die ding is steeds daar." Maar, vir die eenvoudige gelowige, is dit weg. Sien? Want, hy kyk nie na die stof nie, hy kyk na die belofte, net dieselfde as wat Noag gedoen het.

79 So sien julle nie: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees met die Koms van die Seun van die mens"?

Wetenskaplik, niemand … Die dokter kan sê: "Kyk hier, die knop is steeds daar. Jou kanker is nog hier. Jou arm is so kreupel soos dit altyd was. Jy's waansinnig."

En, onthou, dis daardie selfde gees uit die dae van Noag, wat gesê het: "Daar is geen reën daarbo nie. Ons kan die maan skiet met instrumente, en daar's geen reën daar nie." Maar as God gesê het daar sal reën daar wees!

"Want geloof is die vaste vertroue vir die dinge wat ons hoop, die getuienis van die dinge nie gesien nie." En geloof neem sy finale rusplek op die Woord van God. Daar is waar dit sy rusplek vind. Verstaan julle? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sy rusplek is op God se Woord.

80 Dis waar Noag dit gerus het: "God het so gesê." Dit het dit afgehandel. Nou as julle weer oplet, dan, nou, Noag, deur so te glo, was 'n fanatikus.

En die mense van vandag wat glo in die doop van die Heilige Gees. Nou, die kerk sê: "Hierdie mense is fanatici. Hulle is niks anders as 'n klomp opgewerkte, emosionele, paniekbevange mense nie." Maar min weet hulle dat die Woord van God dit leer. Dis 'n belofte.

81 En, vir Noag, maak nie saak hoeveel hulle gesê het nie: "Die ou man was van sy verstand af; dat hy wetenskaplik verkeerd was; en—en—en, verstandelik, was hy verkeerd." Maar, vir Noag, was dit die Woord van die Here, en Noag het daarby gebly. En die wyse en verstandige het oor die eenvoud daarvan gestruikel, en hulle wese verloor. Wat 'n—'n—'n teregwysing is dit nie, vir daardie geslag!

Baie mense sê: "As ek toe gelewe het!" Nee, jy sou dieselfde gesindheid gehad het. Want, vandag, in die selfde ding wat vandag weer gereproduseer word, net in 'n ander vorm, hulle struikel vandag Daaroor net soos hulle toe het.

82 Sonder twyfel, in daardie dae, het hulle baie predikers gehad, maar Noag was geïnspireer deur God. En Noag kon uitkyk en sien wat gereed was om te gebeur, en geweet dat 'n owerspelige en bose geslag, soos daardie, sal God nie laat staan nie. So wat kan ons doen, vandag, behalwe om dieselfde ding te sien! 'n Moderne Sodom en Gomorra, sien, bose, owerspelige mense, so gepoleerd in geleerdheid dat hulle struikel oor die eenvoud van God se manifestasie van Sy Wese en Sy Woord, wat Sy Woord wys.

83 Daar's nie 'n persoon in die wêreld, Rosella, wat … of, en—en dit kan sê—dat ons nie die einste Woord van God gemanifesteer met ons sien nie. Die einste belofte van die laaste dae, die einste aand Ligte wat moet skyn, ons is bevoorregte mense om dit te sien. En, waar, die hooggepoleerde wêreld, dit is weggesteek vir hulle. Jesus het vir God gesê, die Vader, Hy het gesê: "Dit het U behaag om dit te verberg van hulle. Selfs so, Vader, U het dit verberg." Laat hulle, met hulle wysheid …

Julle sien, dit was wysheid wat die bal gerol het in die gemors van sonde, in die begin; want Eva het wysheid gesoek toe sy Satan ontmoet het, en Satan het dit vir haar gegee, sien. En wysheid is teenstrydig met die Woord. Ons word nie gevra om wysheid te hê nie. Ons word gevra om geloof te hê in wat alreeds gesê is. So, sien? Maar, vandag, poleer die geleerdes Dit op so 'n manier, en sit Dit daar, sit hulle eie interpretasie by Dit, het altyd. Hulle doen dieselfde ding vandag; dis in dieselfde mate. Nou, mense, maar die …

84 Of, mense het dit toe gemis, net soos hulle dit mis en dit vandag doen. Dieselfde ding. Hulle doen dieselfde ding. Want, hulle … Die rede waarom hulle dit gemis het, want hulle was te slim om dit te glo. Sien? Nou, die boodskap was so eenvoudig, dat die slimmes te slim was om die eenvoud van die boodskap te glo. O, goeiste! God het dit so eenvoudig gemaak, in Waarheid, dat die slim en intellektuele dit misgekyk het, omdat dit so eenvoudig was. Wel, dis wat die grootheid van God so groot maak; want, synde die grootste, maak Homself eenvoudig.

85 Mense vandag, wat wys dat hulle nie van God is nie, hulle is groot en probeer groter word, en hulself groter uitdruk, en: "Groot Biskop, Doktor Heilige Pous," alles, wat hulleself iets maak wat hulle nie regtig is nie. En God, wat so groot is, maak Homself so eenvoudig. Eenvoud is grootheid.

Ons kan 'n straalvliegtuig bou, ons kan 'n vuurpyl afvuur na die … om … of 'n—'n—'n missiel in 'n wentelbaan plaas. En ons kan al hierdie dinge doen, tog, ons kan nie een grashalm maak nie. Uh-huh. Amen. Wat daarvan? Maar in plaas van om te probeer om terug te kom en te sien wat daardie gras maak, en die einste God aanvaar wat die gras geskep het, probeer ons 'n missiel bou wat vinniger daar

sal kom as wat iemand anders een kan bou. Sien?

86 Ons is so slim en intellektueel, in ons kerke, dat ons 'n miljoen-dollar gebou kan bou, of 'n tien-miljoen-dollar gebou, maar, tog, en probeer om een beter te bou as die Metodiste, of die Baptiste bou een beter as die Presbiteriane, en die Pinksters het in die malle gejaag ingespring. Maar die ding daarvan is, is dit; ons is, tog, ons is so slim en so ingestel op ons weë dat ons faal om onsself te verneder om die God te sien wat in die klein sending op die hoek is. Sien? Dis reg. Wel, dis, ons struikel in eenvoud. Hulle het dit altyd gedoen.

87 Nou, hulle, hulle was—hulle was te slim om so 'n eenvoudige boodskap te glo. Dit was nie blink genoeg vir hulle wetenskaplike navorsing wat hulle gehad het nie. Dit was nie—dit was nie briljant, die boodskap was nie genoeg, vir hulle opvoedkundige program wat hulle in daardie dag gehad het nie. Sien? Hulle het studeer om te weet dat daar 'n God was, en hulle het studeer om te weet dat Hy groot was, en hulle het probeer om hulleself ook groot saam met Hom op te bou. Maar, die pad boontoe is altyd af.

Nou, wie weet of die Noordpool Noord is, of die Suidpool Noord is; of die Noordpool die Suide is, die Suidpool die Noorde? Watter is op en watter is af? Ons hang in die ruimte. Ons sê: "Die Noordpool is bo." Hoe weet jy? Suidpool mag Noord wees. Sien, jy weet nie. So laat ons onthou, en hierdie Woord …

Sê: "Hoe kan jy dan sê, Broer Branham, dat: 'Op is af'?"

Op die basis van Jesus Christus se Woord! Hy het gesê: "Hy wat homself verneder sal verhoog word, maar hy wat homself verhoog sal verneder word, verlaag word." So dan, eintlik, is op af, en af is op.

88 Soos die ou heilige in Chicago gesê het, dat … 'n Man, 'n sekere prediker van 'n sekere organisasie, het opgestaan voor sommige Pinksters. Hy het al sy intellektuele dinge bymekaar gehad. Hy het opgegaan en woorde gebruik waarvan die Pinksters niks geweet het nie, en hy het daar gestaan, en hy het gesien dit gaan nie goed oor met die Pinkstermense nie. En hy het opgegaan, met sy bors uitgestoot, en hy was "Heilige Doktor So-en-so," julle weet, van 'n sekere groot skool daar in Chicago. En hy het rondgekyk, en daardie Pinksters het na mekaar gekyk. Hulle het nie eens geweet waarvan hy praat nie; hy was so geleerd, so slim, briljant. Hulle het nie geweet nie.

89 Dit was soos 'n sekere senator, of 'n man wat onlangs vir president gestaan het en verslaan is. Tuck Coots het my vertel. Toe ek Mamma Ford se begrafnis gepreek het, en vertel het van die opstanding, die waarborg van die opstanding: "Net so seker as die son opkom, so sal ek opkom. Net so seker as wat die gras in die Herfs doodgaan, en die blaar van die boom afval, dit kom weer terug. Wanneer die aarde homself om die wentelbaan korrigeer, moet dit weer opgaan."

90 Tuck het gesê: "Ek het daardie Boodskap waardeer, Billy." Broer Neville en ek het saam in die motor gesit. En ek het gesê: "Tuck …" Hy het gesê: "Ek waardeer jou Boodskappe."

Ek het gesê: "Tuck, ek het geen geleerdheid nie."

Hy het gesê: "Dis die goeie deel daarvan." Sien?

En, toe, hy het gesê hy het gegaan om te sien … Wel, ek skat die man vergewe my, ek bedoel nie … Adlai Stevenson, julle weet. En hy het gesê hy het hom vyftien minute hoor praat. En Mnr. Stevenson is so 'n briljante spreker, veronderstel om te wees, julle weet, dat Tuck gesê het … Ek skat hy het 'n kollege-opleiding. Hy het gesê hy het daar gesit en aan die slaap geraak. En gesê hy het aan die slaap geraak, wyl hy geluister het, binne vyftien minute. Maar het gesê: "Met 'n kollege opleiding, ek het baie min woorde verstaan wat hy gesê het; hulle was so hoogs gepoleerd." Hy het gesê: "Jy het my nog nooit sien slaap in een van jou dienste nie, het jy, Broer Branham?"

So, sien, dis die eenvoud Daarvan, net eenvoudig, dis waar God lê.

91 Nou, hulle was—hulle was te slim, in daardie dag, om die betekenis van God se eenvoudige manier van dinge doen te begryp. Dit was nie blink genoeg vir hulle nie. Dit moet gepoets word, Dit moet blink poleer wees, of hulle mis dit. Nou, maar, die groot Jehova was verberg in Sy Woord. En Hy het Homself bekend gemaak aan die mense wat in Sy Woord geglo het, deur hulle te red, en die eenvoudige boodskap te bring. Die eenvoudige boodskap van Noag, God het dit laat gebeur. Nou let op na dit.

92 Nou, dan, weer in Moses se dag, let op 'n ander tyd van verlossing.

Wanneer God net op die punt is om iets te doen om Sy mense te verlos, dan stuur God 'n Boodskap aan die mense. En, Dis so eenvoudig, soos ons sal sien met die opening van hierdie Seëls. Dit was my doel om dit eerste te bring. En, ons sal vind dat die openbaring van daardie Seëls so eenvoudig is, die—die—die slimmes mis Dit, met 'n miljoen myl. Sien? Ek hoop dat God my Daarvoor sal salf. Sien? Sien? Dit gaan net oor die top. En dis waarom ek gedink het hierdie Boodskap, vanmôre, sou gepas wees, om 'n fondasie te lê, oor die eenvoud van God, sien, hoe God Homself in eenvoud verberg.

93 Dink net, hulle kan atome verdeel en alles anders doen; maar wanneer dit kom by die aanraking van lewe, dan kan hulle nie eens sê waar dit vandaan kom nie. 'n Eenvoudige grashalm, en God is daarin verberg. Hulle kan 'n vuurpyl na die maan vuur, en—en 'n radar na die oorkant skiet, of wat ookal, en tog kan hulle nie die lewe in 'n grashalm verduidelik nie. Dis reg. Sien? Dis omdat dit nie verduidelik kan word nie. Dis so eenvoudig, hulle kyk dit mis.

94 Nou let op Moses, in die dag toe God die kinders van Israel sou verlos, volgens Sy Woord. Hy, wat het Hy gedoen? Hy het 'n eenvoudige familie gekies. Ons het geen rekord van hulle nie. Sien, net "'n seun van Levi," is al wat ons weet. Sien? En so ons … en sy vrou. Net 'n gewone, waarskynlik 'n—'n modder pleisteraar, volgens die wêreld, daarbuite besig om bakstene te maak vir die vyand. Hy was net 'n gewone slaaf in Israel, maar God het daardie familie gekies om die verlosser voort te bring; net 'n gewone Joodse familie. Hy het nooit gegaan en koninklikes en beroemdes gekry, of iets, of selfs een of ander priester nie. Hy het 'n gewone, ordinere familie geneem. Sien? Eenvoud! Let op wat Hy toe gedoen het, Hy het 'n kind voortgebring, 'n eenvoudige menslike wese. Hy het nooit …

95 Hy kon—Hy kon die son verordineer het, as Hy wou, om hulle te verlos. Hy kon die wind georden het om hulle te verlos. Hy kon 'n Engel verordineer het om hulle te verlos. O, halleluja! God kan doen wat Hy ookal wil doen.

"Wel, hoe weet jy dit, Broer Branham?"

God sal nie Sy program verander nie. Dis waarom ons weet dat, hierdie dag, Dit eenvoudig moet wees. Sien? Nou, Hy werk altyd in eenvoud. Maar God, in die begin, wat die son die Evangelie kon laat verkondig het, of die wind die Evangelie verkondig het, of 'n Engel die Evangelie verkondig het, maar Hy het mense verordineer vir daardie doel, en Hy verander dit nooit nie. Hy het nooit verordineer in die … Hy het nooit denominasies verordineer nie. Hy het nooit groepe mense georden nie. Hy het mense verordineer om die Evangelie te verkondig; nie masjinerie, meganiese toestelle, of enige Engelagtige Wese nie. Dit was die mens!

En toe Hy verlossing gebring het aan die mense daar, het Hy 'n eenvoudige menslike wese gestuur, gebore uit 'n eenvoudige familie tussen 'n klomp slawe. O, goeiste! Wat 'n God is Hy, wat Homself in eenvoud ontvou!

96 Nou let op. En Hy het hom opgelei in wêreldse wysheid, sodat hy kon faal, en wys dat dit nie wysheid is waardeur ons ooit verlos sal word nie. Dis deur geloof dat ons verlos word. Hy het hom laat ingaan en so 'n geleerdheid laat kry dat hy die Egiptenare wysheid kon leer; hy was so skerp. God was met daardie eenvoudige familie wat, miskien, nie eers hulle naam kon skryf nie. En Moses is gevat na die hoogste skoolopleiding, met so 'n groot geleerdheid, dat hy die wysheid aan die leraars kon leer. Hy kon die genie leer. Ja. En God het hom so laat word sodat Hy Homself in nederigheid kon vertoon, om te wys dat wysheid niks daarmee te doen het nie. En Moses het absoluut misluk in sy genialiteit. Hy het hom so laat word vir Sy doel, sodat hy sou faal. En hy het gefaal, en hy het geval.

97 So, om te wys: "Nie deur krag nie, nie deur mag nie," nie deur die wysheid van Egipte nie, nie deur die wysheid van ons skole nie, nie deur die krag van ons teologiese skole nie, nie deur die hoeveelheid van ons organisasie nie, nie deur die krag van ons geleerdheid nie, "maar deur My Gees, sê God." Sy wysheid het verdwyn en was op die einde, toe hy God daar in die brandende bos ontmoet het. Hy het sy skoene uitgetrek en homself verootmoedig tot nederigheid, en het alles van sy wysheid vergeet.

98 God, wat verlossing gebring het, moes hom in wysheid oplei, om hom te laat val, om te wys dat jy nie kan steun op die arm van jou eie insig, of enigiemand anders se insig nie. Hom laat val, om Sy hand te wys. Kan julle dit sien? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] God se doel om dit te doen, was om Homself in nederigheid te vertoon. En Hy het Moses die hoogste laat word, totdat hy sou—hy sou die volgende farao wees. Hy was 'n magtige generaal. Volgens die geskiedenis, het Moses homself, die lande rondom verower. En toe hy hom gewend het na die werk van die Here, met al sy talent, het God hom hals oor kop laat gaan, sodat Hy hom daar in die woestyn kon sit en dit alles uit hom kon vat; en aan hom verskyn, in nederigheid, en hom gestuur met 'n stok in sy hand, om die mense te verlos.

Want, hy kon dit nie doen deur 'n militêre opleiding, deur 'n geleerdheid, deur 'n wetenskaplike opleiding nie. En deur 'n militêre mag kon hy dit nie doen nie. En Hy het hom 'n ou krom stok uit die woestyn gegee, en Hy het dit saam met hom gedoen. God in nederigheid, eenvoud! God was in die stok en in Moses. En solank as wat Moses die stok gehad het, het God dit gehad, want God was in Moses. Verseker.

99 Let op: "Nie deur krag, of deur—deur mag nie, maar deur My Gees." Maar deur die eenvoudige geloof!

Moses het 'n begrip gehad dat hy die verlosser sou wees, deur die onderwys van sy moeder. En hy het homself opgelei in militêre mag, om dit te doen, maar dit het misluk. Sien? Hy het die insig gehad, hy

het die geleerdheid gehad, maar dit het nie gewerk nie. So hy moes dit alles vergeet, en tot die eenvoudige gevolgtrekking kom om God op Sy Woord te neem, en toe het hy die mense verlos. Ja, mense.

100 God verlos deur (wat?) geloof in Sy Woord. Was altyd. Ons kon gekyk het as ons tyd gehad het. Ons het nog omtrent twintig minute. Ons het …

Ons kon 'n— gekyk het na Kain en Abel, hoedat—hoedat Kain God probeer behaag het deur prag.

'n Ander manier, mense dink: "Deur—deur groot, mooi geklede gemeentes, deur 'n priester met—met … predikers met togas, en kore met tabberds, en al die—die aansit, dat dit God behaag." Kan julle sien waar dit vandaan kom? Kain het dieselfde ding probeer. En hy het vir hom 'n altaar gebou, sonder twyfel het hy dit mooi gemaak.

En die man was opreg. Hy het aanbid. Hy het gedink: "Solank ek opreg is, maak dit geen verskil nie." Dit maak wel 'n verskil. Jy kan opreg verkeerd wees.

101 Let op, hy—hy het hierdie altaar gebou en hy, het sekerlik, blomme opgesit en dit mooi gemaak, en pragtige vrugte opgesit, en gedink: "Sekerlik, 'n groot, heilige, rein, pragtige God sal die offerhande aanvaar." Maar, sien, hy het dit gedoen met sy eie wysheid. Hy het dit gedoen deur sy eie gedagtes.

En dis wat dit vandag is. Hy—hy … Hulle doen dit deur hulle eie wysheid, deur hulle opleiding, deur hulle geleerdheid en etiek wat hulle geleer het.

"Maar Abel, deur 'n openbaring, deur geloof, het aan God 'n beter offerhande geoffer." Niks skoon daaromtrent nie, sover dit gelyk het, menslik gesproke. Die klein diertjie, hom gegryp aan die nek en 'n loot om hom gedraai, soos dit, en hom getrek na hierdie altaar. Daar was niks so mooi daaraan nie. Hom op die altaar gelê, en sy keel gekap met 'n—'n skerp rots, totdat sy bloed oral oor hom gespat het, en hy wat blêr, sterwend. Dit was 'n verskriklike gesig, sien, om dit te sien. Dit was eenvoudig, egter.

In eenvoud, het hy geweet dat hy gebore is uit sy moeder en vader se bloed, gebore in sy moeder se bloed, deur sy vader se bloed; en dit was bloed wat die val veroorsaak het, so dit was bloed wat dit sou terugneem. "So hy het aan God 'n beter offer gebring, omdat dit is aan hom geopenbaar was."

102 En sommige van die broers, vandag, wat dink hulle het appels en pere geeet! En ek het die mees radikale ding nou die dag gesien, in die koerant. Hulle het gesê: "Nou het hulle bewys dat dit nie 'n appel was wat Eva geëet het nie." Dit, ek—ek dink hulle beweer: "Dit was 'n appelkoos." So, o, kyk waar kom daardie gees vandaan!

En hulle het gesê, dat: "Moses het nooit werklik die Rooi See oorgesteek nie. Dit, dit was 'n—'n klomp riete daaronder, 'n see van riete. En hy het die kinders van Israel deur die see van riete gebring. Bo aan die einde van die—die see, is daar 'n groot klomp riete. En Moses het deur die see getrek, maar dit was die see van riete wat hy deurgegaan het; julle weet, gras, lank, soos blare en goed, waar hy deurgegaan het." Hoe belaglik!

En: "Die water," het die Bybel gesê: "het van regs na links oopgemaak, en God het 'n—'n magtige oostewind het dit verdeel." Sien? Sien?

Hulle, hulle wil dit op hulle eie manier probeer uitwerk. En dis hoe hulle altyd gefaal het, en hulle sal aanhou faal. Julle weet, al hierdie dinge!

103 En Kain was die einste tipe van die vleeslike gesindheid vandag, wat uiterlik godsdienstig is. Hy wil iets uiterlik doen, maar hy is 'n … Hy gaan kerk toe, en—en hy sal baie dinge doen vir die—die gebou.

Daar is net een Kerk, en jy sluit nie Daarby aan nie.

Hierdie is groepe. Sien? Jy sluit aan by die Metodiste groep, die Baptiste groep, die Presbiteriaanse groep, die Pinkster groep.

Maar jy word in die Kerk ingebore. Ja, meneer. Sien?

Hierdie is almal groepe. Hulle is nie kerke nie. Hulle is groepe. En nie so-iets soos Metodiste "kerk," of Pinkster "kerk" nie. Nee, daar is nie so-iets nie. Nee, dis heeltemal verkeerd. Sien? Hulle is … Dis reg. Hulle, hulle is groepe waar mense by aansluit.

Maar jy word ingebore in die Kerk van die lewende God, en dis die mistieke Liggaam van Jesus Christus wat gevorm word.

104 Nou, maar, dit het God behaag om Sy geheim aan Abel te openbaar, deur eenvoudige geloof in die gestorte bloed. O, ek wens ek het tyd gehad om 'n bietjie langer daarop te bly. Sien?

Tog, en Kain, met al sy wysheid, die slim man! "O," sê jy: "nou, Broer Branham, jy het gesê hy … Jy probeer hom die geleerde genie maak?" Hy was. Hy was die slim … Volg sy—volg sy nageslag. Kyk na sy kinders. Elkeen van hulle was wetenskaplikes, en dokters, en slim mense, elkeen.

Maar, volg die geslag van Set, hulle was nederig, landbouers, en boere, ensovoorts, tot by die verwoesting.

Maar Kain se kinders was die slim, intellektuele groep. Hulle kon selfs, beweer hulle, koper temper, en hulle kon metale maak; en bouers. En hulle was slim mense.

Waar, hierdie ander mense net in tente gewoon, en hulle skape opgepas, en op die beloftes van God gerus het. Sien? Sien? Sien wat dit was? Volg nou net die geslagsregisters, en kyk of dit nie reg is nie. Sien? Hulle het gerus op die belofte van God.

Dis hoe Noag gekies is, uit daardie soort mense. Dis hoe Paulus uit sy kudde geneem is. Sien? Dis hoe, John Wesley, Martin Luther, en wat meer. Dis hoe jy geword het wat jy vandag is, sien, dieselfde ding, nederig, om die eenvoudige belofte van God te glo.

105 Nou, let op, dit het God behaag om—om te vereenselwig. Nou, God sal altyd bevestig of dit die Waarheid is of nie. Sien? Nou, baie mense probeer om te handel in iets wat God 'n miljoen myl van af wegbly. Dis reg. Maar wanneer jy God sien terugkom, sê Dis … Dit beklemtoon, sê: "*Dis* reg, *Dis* reg, *Dis* reg," dan weet jy Dis waar.

Nou, toe die offerhandes op die altaar was, God het sy intellektuele opvatting van God verwerp. Maar toe Hy Abel gesien het, deur eenvoudige geloof geglo dat dit nie appels of vrugte van die veld was nie, maar dit was bloed; deur geloof het hy dit geglo, deur 'n openbaring van God. God het Adam bevestig deur sy offer te aanvaar. Sien?

106 Dis waar ons dink aan bid vir die siekes, enigiets anders. Jesus het gesê: "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra net wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word."

Nou soos ons begin klaarmaak, vinnig nou, ons het nog twintig minute.

107 Let op, in Elía se dag, het God gekies om Homself in 'n eenvoudige persoon te verberg. Nou dink net daaraan. God het gekies. Dit was Sy keuse. Onthou, hulle het rabbi's, en priesters gehad. Hulle het beduidende mans in daardie dae gehad. Selfs Koning Agab, homself, was 'n Jood. Hy het vername mense in die land gehad, in daardie dag. Maar God het Homself verberg in 'n eenvoudige man; nie 'n geleerde nie; nee, nie 'n bekende man van die wêreld, een of ander groot militêre genie of iets nie; nee, geen groot naam nie. Ons weet nie eens wie sy pappa en mamma was nie. Ons weet niks van sy geslagsregister nie. Net 'n gewone ou boer iewers, wat grootgemaak is met die doel om 'n profeet te wees. God het hom alleen in die wildernis laat lewe. Enigste ding wat ons weet, hy het reg uit die niet gestap, reg ingestap en die hele kerklike stelsel veroordeel. Goeiste!

108 En weet julle wat hulle van hom gedink het? "Van watter skool het hy gekom?" Sien? "By watter denominasie is hy? Is hy saam met die Fariseërs, die Sadduseërs," of wat meer hulle gehad het? Hy het nie aan enige van hulle behoort nie, maar hy het die hele ding veroordeel. Sien? God het gekies om dit te doen.

Maar, 'n eenvoudige man, geen geleerdheid nie. Ons het geen benul waar hy ooit skool toe gegaan het nie. Ons weet niks omtrent hom nie. Net 'n eenvoudige man, maar God was bly om in daardie eenvoudige persoon te skuil. God, daardie tyd, met hierdie eenvoudige man, verskuil in 'n menslike wese. Kan julle dit begryp? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

God wat skuil in 'n "ongeletterde maltrap," volgens die wêreld. Want, julle weet, hulle—hulle het hom van alles beskuldig, selfs 'n "heks," Elía. Alle profete word beskuldig, so, sien.

So, Jesus is daarvan beskuldig dat Hy een was, julle sien: "Beëlsebub; mal." Gesê: "Wel, Jy is mal. Ja, ons weet Jy het 'n duiwel. Jy is—Jy is van Jou kop af." Sien?

Dis waar Hy vir hulle gesê het: "Wanneer Dit in die laaste dae sal kom, dat hulle laster—dit sal godslastering wees, om dit te doen." Hy het hulle vergewe, maar dit sal nie vergewe word in hierdie laaste dae nie. Dit sal betaal word, met Ewige skeiding: "Nooit vergewe word, in hierdie wêreld of die wêreld wat kom nie."

109 Maar Elía is as 'n mal man beskou. Kan julle julle voorstel om op te staan … Die—die vroue het almal hulle hare gesny soos die moderne dae, skat ek, en grimeering soos Jézebel, die eerste dame van die land. En—en die predikers het almal wêrelds geword en alles. En wat het toe plaasgevind? Toe kom ou Elía daaruit, veroordeel die hele ding, die hele pad van Jézebel af.

"Wel," gedink: "ons hoef nie na jou te luister nie! Ons het pastore."

Sekerlik, hulle hoef nie, maar hy was hulle pastoor in elk geval. Hy was Jézebel se pastoor. Sy wou dit nie hê nie. Sy mag 'n ander soort gehad het. Maar, maar, God-gestuur, hy was. Sien? Hy was God se gestuurde pastoor vir haar. Sy het hom gehaat, maar hy was pastoor in elk geval. Let op.

110 En Elía het homself verneder en gebly by wat God gesê het, op so 'n manier, dat dit God behaag het om daardie selfde Gees van Elía te vat en belowe om Dit drie keer later te gebruik van daar af. Sien? Amen. En Hy het dit gedoen. Amen. Sekerlik, Hy het. Sekerlik. Hy het Dit belowe, dat Dit sou kom. En Dit het op Elisa gekom, sy opvolger; toe op Johannes die Doper; en, volgens Maleági 4, is Dit veronderstel om weer hier te wees in die laaste dae. Sien?

God het daardie Gees liefgehad wat op daardie eenvoudige, onopgevoede bosman van terug iewers in die woude erens was. En, so, Dit was so gehoorsaam aan Sy Woord, dat Hy kon sê: "Elía, doen *dit,*" en Elía sou dit doen. En God het Homself daarin verberg, in sulke eenvoud!

Hulle het almal vir hom gesê: "Daardie ou maltrap, moet niks met hom te doen he nie," ensovoorts.

111 Maar eendag, toe hy—hy oud geword, en sy kop kaal, en sy—en sy wangbaarde afgehang het, grys, en 'n paar hare wat oor sy skouers gehang het; klein ou maer arms, en die velle wat so op hulle klap; het aangestap gekom met daardie pad na Samaria, en daardie oë wat opgekyk het na die lug, met 'n krom stok in sy hand. Hy was nie veel om na te kyk nie, maar hy het "SO SPREEK DIE HERE" vir die dag gehad. Hy het nie gestotter met Dit nie. Hy het nie gehakkel nie. Hy het nie gesê: "Nou, *groot* Agab nie." Hy het nader gestap en gesê: "Nie eens die dou sal uit die hemel val voordat Ek daarvoor vra nie." Halleluja! Sien? God het sy eenvoud geëer.

112 Nou, julle sien, terwyl dit op die eenvoudige manier was, en almal—almal teen hom was, het almal hom ingevlieg. Al die predikersvereniging, alles anders, was kwaad, dis waar, het probeer om van hom ontslae te raak, alles anders. Maar, in daardie eenvoud, selfs al het hulle geen samewerking gehad met sy veldtogte en wat ookal hy gedoen het nie. Almal het gedink hy was 'n maltrap. God het Homself verberg.

Maar toe dit tyd geword het vir daardie saad om ryp te word, wat geplant was, het God Homself gemanifesteer deur Vuur uit die Hemel te stuur en die offerande op te lek. God verberg in eenvoud, en dan openbaar Hy Homself weer. Sien? Sekerlik. Dit het God behaag om dit te doen. Hy het dit altyd op so 'n manier gedoen. Ja, meneer. Nou, ons vind uit dat Hy—Hy hierdie dinge belowe het.

113 Die probleem is, vandag, met so baie van ons mense, ons wil so word, julle weet, so teologies-, en denominasioneel-, geleerd-gesind, dat God ons nie kan gebruik nie. God kan 'n man 'n begin gee om iets te doen, en hom 'n bediening gee; voor jy weet, sal hy gaan maak wat ander sê, en, die eerste ding wat jy weet, sal hy heeltemal toegedraai wees in 'n groot klomp goed. En dan neem God net Sy hande van hom af, en laat hom alleen. Sien? Sien?

114 Dan sal Hy probeer om vir Hom 'n ander man te vind, iemand wat dit sal doen. Sien? Hy moet iets vind wat sal—Sy Woord sal vat, die Goddelike openbaring sal neem en nie Daarmee sal beweeg nie, net daar bly op daardie Woord. Dis hoe Hy—Hy dit doen. Hy het dit altyd so gedoen.

So wanneer die mens so geleerd en slim raak, dat, hy probeer om sy eie interpretasie in te sit. Wel, soos hulle sê: "Die doop van die Heilige Gees," sal hulle sê: "o, dit was vir 'n ander dag." Maar, as hulle dit nie doen nie, wel: "Dit was nie vir 'n ander dag nie, maar, ek sal jou sê, Dit kom nie net soos Dit op die Dag van Pinkster het nie. Ons ontvang die Heilige Gees wanneer ons glo." En—en allerhande soorte goed soos dit, julle sien. En praat van die doop in die Naam van Jesus Christus, hulle … waar die Bybel dit so leer; wel, julle sê: "Wel, maar, die teologiese skool sê! En So-en-so sê!" Kom ooreen. Sien? God kan nie 'n persoon soos daardie gebruik nie. Sien?

115 Hy mag dat 'n man regoor die land so neergesit word, en die man uitgewerp en voor gelag word, en bespot word, en alles anders soos dit. Maar wanneer die ware konfrontasie kom, staan God op en bevestig Homself reg in daardie selfde eenvoud.

116 Staan reg op, soos die blom. Die saad, lyk asof dit daarmee heen is, dit sterf en val in die grond. Grawe die saadjie op, en dit is verrot, en lyk soos 'n gemors. Maar daaruit ontstaan lewe om weer 'n ander blom voort te bring.

God in eenvoud. Hy doen dieselfde ding. Die pad op is af, altyd. Verneder jouself. Moet nooit sê: "Wel, ek het *dit* en *dat* nie." Jy het niks. Net—onthou net, as jy die genade van God het, wees net dankbaar daarvoor, en wees nederig daaroor. Sien, hou net aan om jouself te verneder.

117 Nou sal ek moet opskud, want die horlosie is … Ek wil julle nie te lank hou nie, want ek wil julle nie uitput nie, sien. Ons het nog 'n lang tyd regdeur hierdie week.

118 Nou, en nou vind ons uit dat mense so slim en geleerd raak.

Nou ek wil julle nog een wys. Die—die ander gaan so ver na die ander kant, hulle word fanatici, probeer godsdienstig wees. Nou, ons weet ons het daardie groep. Sien? Hulle gaan na die ander kant.

Dis waar ek verskil met die groep broers wat nie lank gelede hier weggetrek het van die—die weg van Lig nie. Hulle, hulle kon net nie die fenomenaal sien wat gedoen word tensy hulle vir hulleself 'n groep maak nie, so hulle het in Kanada vergader en—en 'n groep mense gemaak waar hulle sou uitgaan en apostels en profete van mekaar maak, en goed. En dit het plat geval. Sien? En dit sal altyd. Sien? Hulle word … Hulle voel omdat hulle is … dat hulle nie … Hulle veroordeel so die ander dinge, en—en die goed, dat hulle reg na die ander kant gaan. Sien?

119 Daar is een kant wat hoogs intellektueel is, koud en onverskillig, hulle ontken alles daar. En die ander gaan aan die ander kant, aan die ander kant met 'n radikale klomp emosie, en ontken die Woord.

120 Maar die regte ware Kerk bly reg in die middel van die pad. Nou, as julle oplet, dis—dis—dit het die Bybelkennis van wat God gesê het, en dis—dis geestelik genoeg om warm te wees in die hart, en dis net die pad. Jesaja het gesê dit sou so wees. Hy het gesê: "Daar sal 'n hoofweg wees …"

En die geseënde, heilige, kosbare vriende van die Nasareense kerk, 'n magtige klein beweging wat God begin het, maar wat het hulle gekry? Toe God begin praat het met tale in die kerk, was hulle so godsdienstig en so formeel, dat hulle dit "die duiwel" genoem het. En sien julle wat met hulle gebeur het? Sien? Sien? Hulle, hulle: "Heiliger as wat jy is." En—en so vind ons uit dat al daardie dinge word saad en sterf reg uit. Sien? En die—die ander sy.

121 Nou, een kant word 'n fanatikus. Die ander kant word koud en styf.

Nou, Jesaja het gesê: "Daar sal 'n hoofweg wees …"

En die Nasaréners, en baie van die ou heiligheidsmense, het altyd gesê: "Die geseënde ou hoofweg! Glorie aan God! Ons stap op met die ou hoofweg!" Maar, onthou julle, dit was nie presies wat hy gesê het nie.

Hy het gesê: "Daar sal 'n hoofweg wees, en," en is 'n voegwoord: "en 'n weg." En dit sal nie die hoofweg van heiligheid genoem word nie, maar: "Die weg van heiligheid."

122 Nou, 'n hoofweg van heiligheid, mense probeer hulleself heilig maak. En wanneer jy dit doen, dis net soos ek tevore gesê het, dis soos 'n … Dit sou wees soos 'n aasvoël wat duifvere in homself probeer sit, om 'n duif daarvan te maak, wanneer sy natuur steeds 'n aasvoël is. Sien? Hy, dis … Dit sou wees soos 'n kraai wat probeer om 'n—'n duif se vere in te sit, of 'n pou, en sê: "Sien jy, ek's 'n pragtige voël." Sien, dis iets wat vervaardig is.

Maar 'n pou hoef nie bekommerd te wees of hy pouvere gaan hê of nie. Die duif hoef nie bekommerd te wees of hy duifvere gaan hê of nie. Solank as wat sy natuur 'n duif is, sal hy duifvere hê.

En, sien, die heiligheid mense begin sê: "Die vroue moet lang hare en lang moue dra, en—en al hierdie dinge, en lang rompe, en nie enige trouringe of juweliersware van enige soort dra nie." Sien, dit word 'n eiegeregtige heiligheid. Sien? Sien? Dit—dis—dis vervaardigde heiligheid. Maar die ware Kerk van die lewende God is … En kyk wat het gebeur met die denominasie. Nou het hulle almal gesnyde hare, soos die Pinksters, en—ensovoorts. En—en hulle almal, amper, dra ringe ensovoorts. Kyk na die Pinksters, jare gelede, hoe hulle daarop gehammer het, sien, en: "Ons, die kerk! Ons, die kerk!"

123 Die Kerk is Christus se Liggaam. Dis 'n indiwidu, onder ander indiwidue, wat gebore is in die Koninkryk van God. Dit kom van binne na buite. Dit word outomaties gelewe.

124 Jy vra nie 'n skaap om wol te dra … of, wol te vervaardig nie, bedoel ek. Die skaap hoef nie wol te vervaardig nie. Hy sê: "Nou, my meester wil hê ek moet bietjie wol hê hierdie jaar. Ek moet besig raak." Nee, die enigste ding wat hy hoef te doen is om net 'n skaap te bly. Dis reg. Die wol sal outomaties … Dit sal. Dit sal. Hy sal dit doen omdat …

En ons word nie gevra om vrugte te vervaardig nie. Ons is veronderstel om vrug te produseer, sien, dra die vrug. Sien? Ons is veronderstel om die vrug te dra. En solank jy 'n vrugteboom van God is, met God se Woord, sal God se Woord Ditself bevestig. Dit sal vrugte dra solank die Woord daarin is. Jesus het gesê: "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra wat julle wil en dit sal gedoen word." Sien? Jy vervaardig dit nie. Jy werk jouself nie op na dit nie. Dis net eintlik daar, en gaan aan en aan.

Nou laat ons gaan, net opskud nou, met net 'n paar minute oor, en dan sal ons afsluit.

125 Nou, nou, ander gaan so ver as om fanatici te wees. Nou, hulle gaan na die ander kant. En hulle dink, net omdat hulle op-en-af spring, of 'n soort van 'n sensasie of emosie kry, in tale praat, of—of—of 'n profesie gee wat toevallig reg was, of iets soos dit, dan dink hulle dit is Dit, dat—dat hulle Dit het. Maar, dit is nie.

Jesus het gesê: "Baie sal na My toe kom in daardie dag, en sê: Here, het ek nie in U Naam geprofeteer nie? In U Naam baie werke gedoen, en duiwels uitgedryf nie?" Hy het gesê: "Gaan weg, Ek het jou nooit geken nie." Sien? Dit is nie dit nie. Dit is nie dit nie, vriend.

Dis die rede … En, tale, die bewys? Ek glo in praat in tale, maar ek neem dit nie as die enigste bewys van die Heilige Gees nie. Nee, meneer. Die vrug van die Gees is die bewys. Sien? Ja. Nou, julle sien, dis die rede waarom ek verskil het met die groep van die Pinksterbroers, in die mate, dat hulle sê: "As 'n man in tale praat, het hy die Heilige Gees." Ek verskil. Dis geen teken dat hy die Heilige Gees het nie. Sien?

Ek het duiwels in tale hoor spreek net so vinnig as hulle kon, bloed uit 'n menslike skedel gedrink, en die duiwel aangeroep.

126 Ek het Indiane gesien slange vat en om hulle draai, in die—in die—met die reëndans daar in Arizona; hou hulle hande op *so*, en rondom hardloop. Die toordokter het uitgekom, homself gesny. En lê 'n potlood neer, en dit skryf in onbekende tale, en die interpretasie daarvan gegee. Sien?

So, moenie, moet my dit nie sê nie. Ek is te oud daarvoor. Sien?

So die—die vrug van die Gees is die … Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte," nie tale of emosies nie: "maar aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Sien? So dit is die vrug van die Gees. Dis God wat Homself openbaar in nederigheid, saggeaard, en elke dag dieselfde. Dis iets daaromtrent, 'n mens wat reg met die Woord bly. Elke keer wat hy die Woord sien, beklemtoon hy Dit met 'n "amen," maak nie saak wat die ander mense sê nie. Dis, hy glo Dit, julle sien. Goed. Sien?

127 Maar ons gaan ver genoeg, dan, om fanaties te wees, en Satan kom tussen die mense. Dis Satan se besigheid. En hy's 'n goeie sakeman. En hy kom onder die mense, laat hulle dink dat hulle Dit het net omdat hulle op-en-af kan spring. En dan jou naaste haat? Nee. Sien? … om—om dinge te sê, en net wonderlik in tale te praat, en sulke goed.

En, onthou, jy kan in egte Heilige Gees tale praat en steeds nie die Heilige Gees hê nie. Die Bybel het so gesê. "Al spreek ek in tale van mense en Engele, en het nie liefde nie, help dit my niks. Dan het ek soos 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword." Een Korinthiërs 13. Sien? So jy doen nie … Dit doen dit nie, sien.

128 Die Metodis het gesê: "Toe ons uitgeroep het, het ons Dit gehad," maar hulle het nie. Die Nasaréner het gesê: "Toe hulle heilig gelewe het, het hulle Dit gehad," maar hulle het nie. Die Pinkster het gesê: "Ons praat in tale; ons het Dit," maar hulle het nie. Sien? Sien?

God, wat Homself openbaar, nie in sensasies nie. Nee, dit … Sensasies, tog, is met Dit. Sien julle die plek? Dit maak Dit net so nederig dat enigiemand Dit kan sien, as jy—as jy nie probeer om jou eie idee Daarin te sit nie, sien, en jou eie gedagtes. Dis God.

Nou, en dan word hulle 'n klomp fanatici. Dan, *hier* is die koue formele aan hierdie kant; *hier* is die fanatici aan die ander kant; en hier gaan die Bruid reguit deur dit alles, roep van beide kante. Dis reg. God bevestig Dit soos Hy aangaan, Sy Woord.

Nou, o, ek moet 'n deel hiervan oorslaan omdat ek te veel hier het. En ek—ek het. My tyd is reeds op. Ek sal opskud net so vinnig as wat ek kan.

129 Uit Eden, uit Eden het dit gekom, is—is dit geprofeteer dat daar 'n Messias sou kom; die hele pad van Eden af.

Nou ek gaan 'n paar van my Skrifte oorslaan wat ek hier neergeskryf het, en notas, net om die Boodskap uit te kry, in tyd, as ek kan. God verskuil in nederigheid. Nou, ek sal vinnig praat, maar, tog, ek—ek wil hê julle moet dit begryp. Sien?

130 Sedert Eden, is daar geprofeteer dat daar 'n Messias sou kom. Dit is voorspel watter soort persoon Hy sou wees. Ons kan 'n lang tyd hier vertoef. Julle ken die Bybel, wat Hy sou wees, watter soort persoon Hy sou wees. Moses het gesê: "Die Here jou God sal 'n Profeet oprig, soos ek." Hulle het geweet dat daardie Messias 'n profeet sou wees, die soort bediening wat Hy met Hom sou hê. Al die profete het gepraat van wat Hy sou doen. Hulle het daarvan gepraat in simbole. En dit het reg bo-oor hulle kop gegaan, en reg tussen die res van hulle. Sien? Sien? Het onder een gegaan, en oor die ander een. Sien?

Teen die tyd dat Hy op die toneel verskyn het, het die mense na wie Hy gestuur is hulle eie interpretasie gehad van wat Hy moes wees, in hulle eie denkbeeldige interpretasie.

131 Die Bybel het nooit verander nie. Die Bybel is altyd dieselfde. Dis waarom ek sê: "Die Skrif het gesê, en ek bly Daarby: 'Die Bybel is van geen private interpretasie nie.'"

So, Metodiste, Baptiste, Pinksters, moenie probeer om jou interpretasie Daaraan te sit nie, sê: “Dit beteken nie Dit nie. Dit beteken *dit*.”

Dit beteken net wat Dit gesê het, net presies. Iemand het gesê: “Hoe kan dit?” Ek weet nie hoe nie. Dis nie vir my om dit te sê nie. Dis God wat daarvoor sal sorg. Hy is die Een Wat dit gesê het, nie ek nie, sien, en Hy sal vir Sy Eie sorg.

132 Maar nou, maar, hierdie Messias is geprofeteer. Die profete het presies vertel hoe Hy sou kom, wat Hy sou doen wanneer Hy kom. Maar, hulle eie private interpretasie daarvan, onder die mense! En toe Hy gekom het, was dit Hy op so 'n eenvoudige manier, in eenvoud, dat die hele kerkgroep daaroor gestruikel het. Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.” — Red.] Daar, daardie manne wat geleer is …

'n Man kon nie 'n leraar, 'n priester, wees totdat hy in 'n sekere geslagslyn gebore is nie, volgens Levi. En, dink net, sy ou-ou-ou-ou-ou-oupagrootjie was 'n priester, wat reg in daardie Woord gelê het, in die tempel, dag en nag.

Soos die Katolieke priester of die prediker wat 'n—'n prediker is wat aangaan, van geslag, na die sekere kerke, ensovoorts: “My oupagrootjie was 'n Metodiste biskop. My oupa was 'n biskop, ensovoorts.” Sien?

133 Dit alles, het reg in die Woord gelewe, maar hulle het hulle eie idee daarvan gevorm. En hulle kinders het dit op so 'n manier aanvaar wat die vaders dit geleer het. Dat, die vaders dit af van die regte manier geleer het, en hulle so 'n organisasie daarvan gemaak het, dat, toe die Gees die Waarheid probeer voorhou het, kon hulle Dit nie ontvang nie.

En dis dieselfde ding vandag. Ek bedoel nie om onbeskof te wees nie, maar dis reg. Dis dieselfde ding vandag. Hulle maak dit so—so ingewikkeld, en—en 'n ander manier. Hulle leer hulle Net soos gesê is: “God het geen kleinkinders nie.” Julle weet dit? God het seuns, en Hy het dogters, maar geen kleinseuns en kleindogters nie. Elke mens moet dieselfde prys betaal en op dieselfde manier kom. Net soos jou vader gedoen het, so moet jy.

134 Nou, so, Hy was so eenvoudig. Toe hierdie Messias … Vir vierduisend jaar, het elke profeet van Hom gepraat; Dawid het van Hom gesing, en regdeur. En toe Hy opgedaag het, het die mense hulle eie idee opgebou, wat Hy moes doen, hoe Hy sou doen. Hoe dit alles verduidelik is, uitgeteken op kaarte en als, dat, toe Hy op daardie baie eenvoudige manier gekom het, dit het net—dit het hulle teologie geruïneer. Sien, hulle het dit nie geweet nie.

Hy het gekom volgens die Woord. Nou, glo julle dat God deur die profete gespreek het, dat daardie Messias op 'n sekere manier sou kom? Dis jammer ons het nie nog 'n uur wat ons daardeur kan gaan en verduidelik hoe dit was nie. Sien? Ons almal weet egter hoe dit was, meeste van ons. Hoe God gesê het Hy sou kom, en hoedat: “Jy, Betlehem van Judéa, is nie die geringste onder …” En alles daar tot en met, en hoe Hy sou doen, en wat Hy sou doen. Sien?

135 En, tog, was Hy so eenvoudig! Sodat, daardie groot geleerdes dit so deurmekaar gemaak het, dat hulle dit gemis het. Maar, julle weet Jesus het nie teenstrydig met die Woord gekom nie. Hy het gekom volgens die Woord, maar teenstrydig met hulle interpretasie. Sien? Hy het dinge geleer wat teen hulle kerklike opleiding oor Hom was.

Nou, hulle het gesê, nou, byvoorbeeld: “Wanneer Messias kom, sekerlik, sou Hy na die tempel toe kom en sê: 'Kajafas,' of wie ookal hoëpriester was: 'Ek het gearriveer.' Hy sal kom met 'n tienmiljoen-Engel saluut. Die God sal sê: 'Goed, mense, daar, julle is regtig 'n—'n magtige kerk. Julle is My mense. Ek gaan die slinger hier draai en die gange van die Hemel laat sak. Ek stuur die Messias na julle, vanmôre. Ek sal dit net daar in die tuin laat land, en al die mense sal rondom staan.' Sê: 'Doktor So-en-so, jy en Doktor So-en-so, julle almal kan aan die bo-ent staan, om Hom eerste te groet, julle sien.'”

136 Nou dis miskien iets soos wat hulle vandag dink. Nou, ek weet dis 'n bietjie … Dit klink 'n bietjie radikaal. Maar ek maak nie … Ek probeer 'n punt maak.

“En—en, daar, dis hoe dit gaan wees. En as dit nie so gebeur nie, is dit nie reg nie; dis 'n antichris. Sien? As dit nie net so gebeur nie, is dit 'n antichris, julle sien, so dit sal nie wees nie. En so, dan, daar sal 'n … Dan, die volgende ding wat gebeur, sal omtrent 'n tienmiljoen-Engel saluut wees, met hulle musiekkorpse. En hulle sal daarbuite in die werf land, waar Salomo die tempel gebou het, en, o, alles op-en-af daardeur, hierdie heilige plek waar heiliges en wyses gesterf het, ensovoorts!”

137 “Ja,” het Jesus gesê: “julle huigelaars! Julle seuns van die duiwel!” Het gesê: “Julle versier die grafte van die profete, en julle vaders het hulle daarin gesit.” Dis reg. Dis reg. Sien? “Hoeveel regverdige manne en profete is na julle gestuur, en steeds het julle elkeen van hulle doodgemaak!” Sien? Maar wat sal Hy dan “regverdig” noem? Wat hulle: “fanaties en kranksinniges noem.” Ja.

En, hulle het gedink dit sou so kom.

Maar, toe, Hy in 'n stal was, gebore uit 'n—'n maagd, met net 'n gewone skrynwerker vir 'n pleegvader, en 'n—'n klein, onbekende meisie. Sien, nie die hoëpriester se dogter, of wat ookal nie. Hy—Hy het van … van 'n dametjie wat onder in die—in die klein, ou gemene land genaamd Násaret gewoon het. En net 'n gewone wewenaar; sy vrou was dood. Hy het 'n paar kinders gehad; Josef. En—en sy was verloof. En Hy gebore met 'n swart naam, om mee te begin. Hulle het gesê Hy was buite-egtelik gebore. O, goeiste!

138 Dit het hulle glans te hard getref. Sien? Hulle opvoedkundige etiek kon dit nie sluk nie. Hulle interpretasie van die Skrifte het niks daarvan geweet nie, maar tog was dit die SO SPREEK DIE HERE. O, goeiste!

Skud my, om dit te dink, en om dieselfde ding weer te sien gebeur. God kan nie verander nie.

Dis alreeds twaalf. Sal julle net … Sal ek stop, of net … [Gemeente sê: "Nee. Gaan voort." — Red.] Dankie. Sit net 'n stil 'n kort tydjie, hoor. ["Bly net aangaan."] Nou, dit is, ek baseer iets hier vir 'n Boodskap wat kom, sien. En ek sal probeer om julle vinnig uit te laat, miskien die volgende tien of vyftien minute, as ons kan. God seën julle.

139 Let op, nou, dis so eenvoudig, dat dit—dit—dit net die punt gemis het, vir hulle. Maar dit het God se merk getref. Sien, dit het die Woord getref. Hy het gemaak presies soos Hy gesê het. Maar, hulle, hulle interpretasie daarvan was verkeerd. Die interpretasie van die verlosser in Moses se tyd was verkeerd. Die interpretasie in die tyd van Noag was verkeerd, sien, maar God kom volgens Sy Woord.

En toe het Jesus opgedaag, en Hy—en Hy het dinge geleer wat teenstrydig was. "As U die Messias is, maak *so-en-so*," julle sien. "As U is, kom van die kruis af en wys dit nou vir ons." Sien? Maar God speel nie rond vir mense nie. God doen net die dinge wat welgevallig en reg is.

140 Hulle het gedink so 'n Een sou sekerlik moes kom met 'n groot saluut van Engele. Maar Hy is in 'n stal gebore. En, volgens hulle eie gepoleerde etiek, was dit belaglik vir 'n gewone menslike wese om te dink dat die Almagtige God, die groot magtige Jehova, Wat die aarde besit en die hele ding geskep het, nie 'n plek kon regmaak vir Sy Eie Kind om gebore te word nie, wat nog te se een of ander koeistal oor 'n mishoop. Hoe kon daar … Sien?

Wat was dit? God in eenvoud. Dis wat Hom so groot gemaak het. Sien, die etiek van geleerdheid kan homself nie so verkleineer nie; sien, dit kan dit nie verduur nie. Maar God is so groot dat Hy Homself afgebring het, nie eens klere om Sy Eie Kind aan te trek nie. Dink daaraan! En die wêreld … Daar was geen plek in die herberg nie. En Hy het in 'n koeistal gegaan, 'n klein—'n klein rotsbank, 'n—'n klein grot, amper, agter aan die kant van 'n heuwel. En daar op 'n strooibed was die Seun van God. O, dit was baie anders as om daar te ontmoet …

141 En Sy moeder was verwagtend. Sy is gevind om moeder te wees, o, maande voor hulle selfs verloof was om te trou … of selfs getroud. Sien? Sy sou moeder word. En die mense het dit gesien, en hulle het geweet dat dit so was. En, Maria, in haar eie hart, sy het geweet wat aangaan.

En Josef het nie verstaan nie. Maar die Engel van die Here het in die nag na hom gekom en gesê: "Josef, jy's 'n seun van Dawid. Moenie vrees om Maria as jou vrou te neem nie, want dis niks sleg nie, maar dit is van die Heilige Gees." Dit het dit afgehandel. Die man, Josef, met so 'n verbintenis met God, dat God met hom kon praat.

142 Maar vandag kry ons ons kerklike baadjies so opgetrek dat niks met ons kan praat nie, buiten die kerklike groep waaraan ons behoort. Ek wil nie hard of radikaal raak nie, so ek sal dit net daar laat staan. Let op. Maar julle verstaan wat ek bedoel. Let op.

143 'n Stal was belaglik, vir hulle, die gepoleerdes. Ons het nie eens rekord waar Hy ooit een dag skool bygewoon het nie; en tog, op die ouderdom van twaalf jaar, het 'n eenvoudige seun die priesters in die tempel verwar, deur Sy onderwys. O, goeiste! Wat was dit? God verskuil Homself …?… Ek voel baie godsdienstig nou. God verberg Homself in 'n stal. God verberg Homself in 'n Kindjie. Sien? Kyk, dit gaan wys, na 'n rukkie, egter, sien. Hy moes.

Toe Hy op die strate gegaan het, sou die ouers, sonder twyfel, praat en sê: "Moenie met daardie Kind speel nie. Moet niks met Hom te doen hê nie. Sy moeder is niks anders as 'n gewone prostituut nie, sien. En, die vader en moeder, die Baba is gebore … Voor hulle werklik getroud was, was sy verwagtend. Moet niks daarmee te doen he nie."

144 Wat het Maria gedink! Maar, heimlik, maak nie saak wat die buitekant gedink het nie, sy het al hierdie dinge bepeins. Het dit in haar hart versteek. Hulle het geweet. Hulle kon niks sleg daarteen sê nie.

God praat met Sy man, een of ander tyd, sê: "Wees net stil. Moet niks daaroor sê nie."

Ek het mense in my dienste gehad wat sê: "Wel, as jy 'n dienaar van Christus is, dan weet jy *dit* gebeur daar."

Sekerlik, het ek geweet dit gebeur. Maar wat gaan jy dan doen wanneer Hy sê: "Bly net stil. Moet niks daaroor sê nie"?

145 Het nou die dag 'n paar mans gevat, en hulle gewys, op 'n boek. "Iets het gespreek, jare gelede," het ek gesê.

Gesê: "Wel, ek kon dit nie verstaan nie."

Ek het gesê: "Sien julle daar?" Daar was dit, agter, het dit gedateer en alles, toe dit destyds gebeur het. Baie mense het dit daar in die boek gesien. Ek het gesê: "Dit sal wees dat dit op *hierdie* manier en op *daardie* manier sal gebeur."

Gesê: "Wel, waarom het jy nie iets daaroor gesê nie?" Dit sou ver- … Dit moes so wees. Sien?

146 En Josef het anders geweet. Hy het geweet aan Wie daardie Baba behoort het. Maria het geweet aan Wie Dit behoort het. Jesus het geweet Wie Sy Vader was. Wat het Hy gesê? "Ek moet My Vader se sake doen." Nie hout saag en—en 'n deur maak nie; maar doen Sy Vader se besigheid. Amen. Het dit vir Sy moeder gesê: "Kan julle dit nie verstaan nie, Ek, dis tyd vir My om My Vader se besigheid te doen?"

147 Nou, hulle het gedink: "Hierdie klein deurmekaar Kind …" Enige buite-egtelike kind is soort van 'n bietjie raar, seldsame ding, in elk geval. En daar is dit, sien, dis, God wat Homself verberg. Luister. God het Homself verberg in wat gedink is, deur die wêreld, as: "Vuil, korrupsie, buite-egtelik."

Kyk, God verberg Homself in die verderf van 'n dooie saad, om lewe voort te bring. Sien? Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen."]

God verberg Homself in 'n eenvoudige, wasvroutjie. Of 'n gewone man met sy maaltyd onder sy arm, soen sy vrou en kinders totsiens, en gaan uit, en verberg Homself miskien in daardie man om iets te doen waarvan die aartsbiskop niks van weet nie. Sien? Jy hoor Hom nie enige horings blaas en dit uitstuur nie. Hy, God, kry die heerlikheid, dis al. Die eenvoudige hoor dit en is bly, sien.

148 Nou, God het Homself verberg in die eenvoud van 'n Baba, Homself verberg in die eenvoud van 'n—'n gewone familie. God! En die kerklikes, en die groot manne, die verstand, die genie, en—en hulle almal, en die Herodusse, ensovoorts, van daardie dag, en die Neros, en hulle het dit almal misgekyk. God verberg in eenvoud.

149 Nou, vinnig. Johannes die Doper, in Jesaja 40. Ons kan dit kry as julle wil. Maleági 3. Alles, ja, merk dit as jy wil. Jesaja 40, almal, julle weet, praat vrede met die … soos dit is. Miskien … Dit mag goed wees as ek—ek—ek dit net hier kan lees, as julle—julle bietjie tyd het. [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Laat ons dit doen, net vir 'n minuut. Ons sal hier blaai in die Boek van Jesaja, die 40ste hoofstuk, en—en hier lees en net sien wat hy nou hieroor sê. *Troos, troos my volk se julle God.* Nou, onthou, dit was sewehonderd-en-twaalf jaar. Kyk na die opskrif daar, sien. Sewehonderd-en-twaalf jaar voor hy gebore is, hier is 'n profeet wat van hom praat.

> *Troos, troos my volk, se julle God.*
>
> *Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes.*
>
> *'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God.*
>
> *Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet 'n gelykte en die rotsagtige plekke 'n laagte word.*

150 O, goeiste, goeiste! Wat 'n man sou dit nie wees nie! Sien? Blaai nou oor na Maleági, met my, die laaste Boek van … die laaste van die profete in die Ou Testament. Nou, in Maleági, luister hier. Maleági tel dit op, net teen die endtyd, maak seker dat julle dit nie vergeet nie. Maleági, die 3de hoofstuk.

> *Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor my uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom se die HERE van die leërskare.*

151 Praat steeds van Johannes: "Stuur My boodskapper voor My uit, om die weg voor te berei." Jesus het daarvan gepraat, in Matthéüs 11:10, gesê:

> As julle dit kan ontvang, dit is van wie gespraat is: *Kyk, ek stuur my boodskapper voor my aangesig, …*

152 Sien? Dis reg. Nou, hoe dit alles gespreek het! Wanneer, was vir sewehonderd jaar, daar moes 'n voorloper voor die Messias kom. Maar toe hy op die toneel verskyn het, in sulke eenvoud, het hulle hom gemis. Hulle het hom gemis.

Nou, onthou, hy was 'n priester se seun. Wel, kyk hoe belaglik was dit vir hom om nie die amp van sy vader te volg nie, terug te gaan na die teologiese skool. Maar sy werk was te belangrik. Op nege jaar oud, het hy in die wildernis ingegaan. En hy het uitgekom en gepreek. Hulle het dit gemis. Hy was so eenvoudig, te eenvoudig, vir hulle hoë-gepoleerde geleerdheid om so-een te glo. Hulle het gedink, toe hierdie man gekom …

Wat van: "Al die hoë plekke sal laag gemaak word, al die lae plekke hoog gemaak, al die rowwe plekke sal glad gemaak word"? Dawid het dit gesien, en gesê: "Die—die berge het gespring soos klein rammetjies, en die blare het hulle hande geklap." [Broer Branham klap sy hande verskeie kere — Red.]

153 Wat? Het dit gebeur? 'n Ou baardman soos daardie, met geen geleerdheid hoegenaamd nie, met 'n stuk skaapvel om hom gedraai, het gestruikel uit die wildernis van Judéa, gesê: "Bekeer julle, want die Koninkryk van die Hemel is op hande. En julle klomp slange, moenie dink om te sê nie: 'Ek behoort aan 'n sekere organisasie.' God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek." Goeiste!

"Wel, dis nie hy daar nie. Ons weet dis nie hy nie."

Maar dit was hy! Sien, hy het die pad skoon gemaak. Sien? Dis toe die ruwe plekke gelyk gemaak is. Daar is waar die hoë plekke afgebring is. "Moenie dink jy het Abraham as jou vader nie. Moenie vir my daardie soort goed begin vertel nie, want God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek." Die hoë plekke is afgebring. O, goeiste! Dis dit. Ja. Sien die verskil? Hy het gesê dis wat sou plaasvind.

154 En toe hulle kom, het hulle gedink, o, goeiste, hulle was net gereed om hom te ontvang, as hy na hulle eie organisasie sou kom. Maar omdat … Hy het so, op so 'n eenvoudige manier. Tog, met die interpretasie van die Skrifte, is die hoe plekke laag gemaak. Hulle wou dit nie aanvaar nie, maar hulle moes.

Man, hy het hulle geskeer. Hy het die vel reg van hulle afgetrek. Gesê: "Julle klomp adders! Julle slange in die gras! Ek sê vir julle, die byl word gelê teen die wortel van die boom. En elke boom wat nie die vrugte voortbring nie, word afgekap en in die vuur gegooi. Ek sal julle wel met water doop, maar daar kom Een na my, Wie sterker is as ek; Hy sal jou doop met die Heilige Gees en Vuur. En Sy wan is in Sy hand. Hy sal die vloere deeglik reinig. En Hy sal gar- … die kaf verbrand; en die koring na die skuur vat." Amen.

Dit was toe die rowwe plekke gelyk gemaak is, sien, maar die mense het dit nie verstaan nie. Maar dis net presies volgens die Woord, net presies soos die Woord dit gesê het. So eenvoudig, dat hulle dit gemis het. Hulle het gemis om dit te sien.

155 Moet julle nie so blind wees nie. Sien? Moenie julle so blind wees nie. So, luister, nou.

Hulle het dit gemis. Hy was so eenvoudig, vir hulle algemene oortuigings van so 'n persoon, dat hy dit gemis het. Weereens, wat was dit? God, wat die Woord is, skuil in eenvoud; nie 'n priester met sy kraag omgedraai nie, slim, geleerd.

Jesus het hulle dieselfde ding gevra. Hy het gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien?" Toe Johannes se dissipels oorgekom het. Gesê: "Wat het julle gaan sien? Het julle gaan kyk na 'n man geklee met 'n priesterkleed, julle weet, en sagte klere," het Hy gesê: "daardie—daardie—daardie—daardie soort prediker?" Hy het gesê: "Het julle gegaan om dit te sien?"

Gesê: "Nee. Die soort wat die babas soen, en, julle weet, en die dooies begrawe. Hulle, hulle weet niks van 'n twee-hand swaard op die gevegsfront nie. Hulle was daar met een of ander intellektuele toespraak, vir een of ander Kiwanisklub of iets, julle weet. Hulle is in orde daar. Maar wanneer dit daar in die stryd is, om dit in die oë te kyk, hulle weet niks daarvan nie. Hulle—hulle, hulle is in konings se paleise. Hulle gaan rond met daardie soort beroemdes."

Maar het gesê: "Wat het julle dan gaan sien? Het julle gegaan om 'n riet te sien skud in enige wind? 'n Man wat kan sê … Iemand sê: 'Jy weet, jy behoort aan die—jy behoort aan die Eenheid; maar as julle hier na die Gemeentes toe sal kom, sal ek julle sê wat ek sal doen, ons sal—ons sal so maak …' 'Ek glo ek sal dit doen.' Huh! 'n Riet, geskud? Nie Johannes nie. Nee, nee. Nee, nee. 'As jy sal kom, 'n Sadduseër wees en nie 'n Fariseër wees, of iets nie, dan'? Jy het niemand gesien geskud deur die wind nie; nie Johannes nie." Nee, meneer, broer; nie hy nie.

156 Hy het gesê: "Wat het julle dan gaan sien? 'n Profeet?" Dit sou 'n profeet neem om dit te doen, sien. Hy het gesê … Nou, dit was die bewys van 'n profeet, sien, die Woord van God met hom. Die Woord kom

na die profeet. Sien? Gesê: "Wat het julle gaan sien? 'n Profeet?" Gesê: "Ja, dis reg. Maar, Ek sê vir julle, selfs meer as 'n profeet, want hy was."

Waarom was hy meer as 'n profeet? Hy was die boodskapper van die Verbond, sekerlik was hy, om die weg tussen wet en genade te oorbrug. Hy was die hoeksteen, daarin, waarvan gepraat is.

Hy het gesê: "As julle dit kan ontvang, dit is hy van wie die profeet gepraat het: 'Kyk,' in Maleági 3: 'Ek sal My boodskapper voor My aangesig stuur, sien, en hy sal die weg voor My berei." Sien? O, hy was so eenvoudig. God verberg weer in eenvoud.

157 Kyk dan wat hy gedoen het. Hy het so 'n magtige Christus gepreek wat kom: "Hy het Sy wan in Sy hand. Hy sal … Hy maak Sy weg skoon. Man, ek bedoel, Hy sal Sy vloere deeglik reinig. Hy sal die vuilgoed opneem, en dit wegvee en dit verbrand, ook Dis reg. Hy sal die graan bymekaar maak en dit in die skuur vat." Sien, hy was geïnspireerd.

Maar toe Jesus gekom het, het hulle gesoek na … En al daardie apostels, julle weet, hulle het gesoek na 'n groot iets om te kom. "Goeiste, goeiste! O, Hy sal kom. Dis al wat daaraan is. Man, Hy sal magtig wees. Hy sal daardie Romeine van die aangesig van die aarde af vee. Goeiste! Hy sal daardie Grieke *hierdie* kant toe laat gaan, en Romeine *daarheen,* wanneer Hy kom."

Toe Hy kom, 'n klein nederige mannetjie wat van een kant na die ander rondgestoot word. Wat was dit? God verberg Homself in eenvoud. O, goeiste!

158 Toe het Hy gestaan aan die einde van Sy Boodskap, en gesê: "Wie kan My van sonde veroordeel? Wat die hele Bybel gesê het dat ek sou doen … As Ek nie die werke van My Vader doen nie, veroordeel My dan. Maar wat het die Skrifte gesê wat ek sou doen, wat ek nie gedoen het nie?" Sonde is ongeloof, julle weet. "Wie kan My beskuldig? As Ek duiwels uitdryf deur die vingers van God, wys My dan wat julle daaromtrent doen." Eenvoud!

Selfs Homself oorgegee aan die dood! Maar, o, op daardie Paas oggend, halleluja, dis waar Hy die vloer gesuiwer het. Hy het die gemors uitgevee, reg, broer. Ja, inderdaad. En die koring is verseël vir die skuur. Lê daar in die grond, met Ewige Lewe wat daarin rus, wag vir daardie groot Dag waarvan ons gaan praat, die Koms van die Here, wanneer daardie lewe tot Lewe sal kom; en ons sal opstaan in daardie opstanding, weggevoer word saam met Hom in die lug, en versamel word in die Skuur. En die gemors sal daar oorkant verbrand word; die doppie wat om dit is, en probeer het om Dit op *hierdie* manier of *daardie* manier te trek, sal verbrand word met onblusbare vuur. Amen. O, is Hy nie wonderlik nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

159 Hulle het Hom gemis, God in eenvoud. Hoekom? Hoekom? Hy het nooit eens in die kerklike terme gepreek nie. Hy het nooit. Hy het nooit gepreek soos 'n prediker nie. Sien? Hy het gepreek soos 'n … Hy het die terme van eenvoud van God gebruik, die terme soos "die byl is gelê," die terme van "die boom," die terme van "slange." Nie een of ander teologiese skool onderwyser nie, soos in die geestelike van die dag, soos 'n Doktor van Godgeleerdheid, Doktor So-en-so nie. Hy het dit nie gedoen nie. Hy het gepreek soos 'n bosman daar êrens oorkant. Hy het gepraat oor byle, en bome, en slange, en sulke dinge, en koring, en skure, en alles soos dit. Hy sou beskou word, vandag, reken ek, as 'n seepkas prediker. Ek dink Hy was 'n "stomp prediker" genoem in daardie dae, gestaan op 'n stomp onder by die Jordaan. Waarskynlik … God in eenvoud, verberg van die wysheid van die wêreld.

160 Nou laat ons uitvind. Jesus het gesê: "Ek dank U, Vader, U het hierdie dinge verberg van die wyse van die wêreld, en gaan dit openbaar aan babas wat dit wil leer." Sien? God verberg in eenvoud, in Christus. God verberg in eenvoud, in Johannes. Sien? Net … Sien, Hy—Hy was … Dink net daaraan, God in eenvoud, verberg Homself van die wysheid van die wêreld.

Nou sal ons afsluit, binne net 'n minuut, of twee, want ek wil julle nie langer hou nie.

161 Kyk, laat ons net 'n oomblik stop, iets persoonliks. Dink aan 'n dag waarin ons lewe, om dit nou af te sluit. Dink aan die dag waarin ons lewe, wanneer God afkom in 'n klein ou nederige plekkie waarin ons woon, die siekes genees. En die rykes, en die hoogmoediges, en die hooggeleerdes: "Dae van wonderwerke is verby. Daar's nie so-iets soos Goddelike genesing nie."

Julle onthou die Boodskap wat ek oorkant hierdie stuk grond hier gepreek het, die oggend wat ek weggegaan het, oor Dawid en Goliat?

Gesê: "Hoe gaan jy 'n geleerde wêreld daarbuite ontmoet, Broer Branham, met Dit alles?"

Ek het gesê: "Ek weet nie hoe ek dit gaan nakom nie. God het gesê: 'Gaan.'" Sien? Dis al, sien. Dis Sy Woord. Hy het Dit belowe. Die uur is hier.

162 Toe daardie Engel, wat julle in daardie foto daar oorkant sien, afgekom het op die rivier daaronder daardie dag, dertig jaar gelede hierdie komende Junie, of drie-en-dertig jaar gelede, liewer, hierdie

komende Junie; en gesê het: "Soos Johannes die Doper uitgestuur is," voor vyfduisend mense of meer: "het die uur gekom wanneer jou Boodskap oor die wêreld sal gaan."

Julle onthou die kritiek, as daar enige van julle hier is. Ek skat, Roy Slaughter, of party van die wat hier sit, mag die dag onthou; of sommige, Mev. Spencer, of—of wie ookal sommige van die ouer mense hier sou weet wat sou—sou weet, sien; George Wright, of party van hulle, sien, weet dit, hoe dit was. Maar het Dit dit nie gedoen nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Dit het dit gedoen.

En toe in die midde, toe hulle dit weggewys het, en gesê het: "Dis net 'n geestelike genesing." En God het reg omgedraai en 'n ou, stom buidelrot gestuur, en is genees deur die Krag van God.

163 Lyle Wood en Banks, toe ons daar gesit het, en ken die God-bevestigde Waarheid. Toe, 'n klein, ou dooie minnak, vissie, op die water gelê het. En die Heilige Gees het gespreek, die dag tevore, Hy sou hulle Sy Heerlikheid wys en iets daaromtrent doen. En toe die oggend, daar gestaan, en die Heilige Gees het afgekom in daardie skuit, en ek het opgestaan en met daardie vis gepraat. En dit het op die water gelê, dood, vir 'n halfuur; sy kuwe en binnegoed uit sy mond getrek. Dit het lewendig geword, en weggeswem so goed soos enige ander vis. Wat is dit? God verberg Homself in eenvoud.

164 God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek. God is in staat om 'n buidelrot te genees, of 'n vis, of enigiets. As Hy Sy Boodskap voortbring, en die mense sal Dit nie glo nie, kan God 'n buidelrot oprig om Dit te glo. Halleluja! God kan 'n dooie vis oprig. Hy kan 'n dooie buidelrot lewendig maak. Hy kan. Hy kan enigiets doen wat Hy wil.

Wat 'n teregwysing vir hierdie geslag! Wanneer hulle Daaroor struikel, en Daaroor stry, en: "Jy het nie *dit* gedoen en *dat* gedoen nie." En God stuur 'n eenvoudige dier. Sien? Wat 'n teregwysing! Wat was dit? God in eenvoud, sien, wys Homself as groot, o, goeiste, bestraf hierdie mense van hierdie geslag, vir hulle ongeloof.

165 Nou, hulle dink nou soos hulle altyd gedink het, dit moet op hulle eie manier gedoen word. "Nou, as daar so-iets is soos Goddelike genesing …" Soos, 'n Katolieke man vir my gesê het. 'n Man, nou die aand, het my daarvan vertel. Julle weet daarvan. Gesê … Hierdie Ayers, wat ek gaan sien het oor sy seun daar in Houston, hy het gesê—gesê: "Wel, nou, as—as dit 'n gawe van God was, sou dit in die Katolieke kerk moes kom." Julle sien? Sien? Ja, die Metodiste het gedink Dit sal in hulle kerk moet kom. En die Pinksters het gedink Dit sal na hulle kerk toe moet kom. Maar Dit het nie in enige van hulle nie.

Dit kom in die Krag van die opstanding van Jesus Christus wat Homself manifesteer. Dis reg. Sekerlik, Hy doen dit. Ja. Hou Dit net dop. Moenie dat Dit jou verbygaan nie. Hou Dit onder jou—jou hart, en onthou Dit. Oordink Dit daar.

Dit moet op hulle eie manier kom, vir hulle, van hulle eie denominasie. "En behalwe as dit dit doen, is dit nie Hy nie, sien. Dis net sielkunde, of dis die duiwel. Dis 'n—dis 'n … Dis nie God nie. Want, as dit God was, sou Hy moes kom," op hulle eie manier, julle sien: "die manier waarop ons Dit geïnterpreteer het."

166 Dis hoe Jesus na die Fariseërs moes kom. Dit moes so wees. Sien? As hulle … As God 'n—'n Messias sou stuur, het hulle dit alles uitgelê gehad net hoe Hy moes wees. En omdat Hy anders gekom het, toe: "Dit was nie Messias nie. Hy was 'n buite-egtelike iets. Hy was 'n Beëlsebub." Maar dit was God wat in eenvoud verberg was.

Die voorloper moet 'n sekere geleerde man wees wat hulle … Wel, een, sonder twyfel … Elke dag, elke jaar wanneer hulle, ja, hulle predikers verordineer en hulle uitgestuur het as sendelinge, om te bekeer en in te bring; het elkeen gedink: "Dit sal daardie voorloper wees wat voortkom." Maar God het hom uit die wildernis opgerig waar daar glad geen teologiese skool was nie, sien, en sulke dinge. Sien? God verberg Homself in nederigheid en in eenvoud.

167 Maar wag nou. Ter afsluiting, sê ons dit. Maar om God se eenvoudige Boodskap te verwerp; om—om—om Dit te verwerp, God se eenvoudige manier, is om Ewiglik vernietig te word. Nou, dis hoeveel … Ons praat hoe eenvoudig Dit is, en mense dink, wel, hulle kan vir Dit lag en Daaroor loop, en Dit behandel op enige manier wat hulle wil, maar dis Ewige skeiding van God.

Diegene wat gesterf het in die dae van Noag, en nie na sy boodskap geluister het nie, hulle het omgekom. En Jesus het gegaan en vir hulle gepreek in die kettings van duisternis, in Sy dood, voor Hy opgestaan het. En Hy het na die hel gegaan, en gepreek vir die geeste wat in die tronk was, wat hulle nie bekeer het in die lankmoedigheid van die dae van Noag nie; terwyl 'n eenvoudige boodskap van God, deur 'n eenvoudige man, gepreek is. Hy het gegaan. Hy het gesê: "Noag het gepreek dat ek hier sou wees, en hier is ek." Dis reg. Sien?

168 Diegene wat gefaal het om na daardie profeet se boodskap te luister, Moses daarbuite in die wildernis, wat hy van God ontvang het, behoorlik bevestig deur 'n Kolom van Vuur, en is uitgelei in die wildernis. En dan probeer opstaan en 'n organisasie deur dit maak, en hulle het omgekom en gesterf in

die woestyn, elkeen van hulle; behalwe twee manne, Joshua en Kaleb.

En daar oorkant, die—die Fariseërs was so blind dat hulle dit nie kon sien nie, toe het hulle teruggekyk en gesê: "Ons vaders het manna geëet, manna in die wildernis geëet."

169 En Jesus het gesê: "En hulle is, elkeen, dood." Hulle het die Heerlikheid van God gesien. Hulle het geloop in die Lig van die … Hulle het in die Lig geloop. Hulle het geloop in die Lig van die Kolom van Vuur. Hulle het gewandel in die Teenwoordigheid van Sy krag. Hulle het deur die plekke geloop wat die Heilige Gees vir hulle gemaak het om te loop. Hulle het die manna geëet wat uit die Hemel geval het, wat God voorsien het. En, verlore, en het hel toe gegaan. "Hulle is, elkeen, *dood*." As jy daardie woord neem, is dit "Ewige skeidings" van die Teenwoordigheid van God. "Hulle is, elkeen, dood." Sien?

170 Elkeen wat Jesus weier is verlore. Sien wat ek bedoel? Om daardie eenvoud van God te weier! Dis nie net iets … Jy sê: "Wel, ek het 'n fout gemaak." Jy doen dit nie so nie. God ontvang dit nie so nie. Jy vergaan, Ewiglik. Ons beter aan iets dink. Nou, dit moet behoorlik deur God geïdentifiseer word, sien, en dan, as dit is, is dit Sy Woord. Sien? O! Soos diegene wat Moses verwerp het, Elía verwerp het, Johannes verwerp het, Jesus verwerp het, in hulle dae.

171 Nou, laat ek julle net 'n klein ietsie vertel. En, dan, ek hoop ek maak nie te seer nie. Maar, kyk. Die ander dag is ek na Houston, Texas geroep, om 'n kwytskelding te probeer kry. Deur party mense bymekaar te kry, om 'n boodskap te preek, en mense daar te kry om 'n kwytskelding te teken van—van hierdie jong kêrel en jongmeisie. Julle weet hulle het in daardie moeilikheid beland. Ek skat julle het daarvan in die koerant gelees. En dit was Mnr. Ayers se stiefseun.

172 En Mnr. Ayers is die een wat die foto geneem het van die Engel van die Here, wat julle daar sien. 'n Rooms Katoliek; en sy vrou was Joods. En hy het met hierdie Joodse meisie getrou. Hulle het nie godsdiens met mekaar gepraat, ensovoorts, so nie. En Ted Kipperman, wat ook saam met hom in die besigheid was, het die Douglas-ateljees gehad.

En toe hy daarheen gekom het, waar Mnr. Best, Dr. Best, van die Baptiste kerk, sy vuis onder Broer Bosworth se neus gehou het, en dit geskud, en gesê het: "Neem nou my foto, doen dit." Gesê: "Ek gaan daardie ou man se vel neem en dit in my studeerkamer ophang, as 'n gedenkteken van Goddelike genesing."

En voor ek na Houston, Texas gegaan het, het die Here God vir my gesê om soontoe te gaan. En ek was daar in die Naam van die Here. En julle weet almal van die debat en dinge wat aangegaan het. Julle het dit in die boeke gelees, ensovoorts. En daar was dit. En daardie aand … Het net nederig probeer wees.

"Wel," het hulle gesê: "hulle is 'n klomp stommerikke." Dr. Best het gesê: "Hulle is niks anders as 'n klomp stommerikke nie." Gesê: "Daar is nie sulke mense wat in Goddelike genesing glo nie, sulke goed. Dis 'n klomp onsin." Hulle weet nie dat dit God in eenvoud was nie. "Wel," gesê: "die man het nie eens 'n grammatika skoolopleiding nie."

Hy was gepoleer met al die grade wat hy kon, dat hy gedink het hy kon Broer Bosworth onderdruk, in elk geval. Maar toe dit by die Woord kom, was hy nie eens 'n tiende van 'n gelyke vir hom nie. Sien? En Broer Bosworth het geweet waar hy staan. Baie van sy mense, wat hier sit, was by die debat. En daar was dit.

173 Toe het hy ons net gebombardeer, gesê ons is 'n klomp stommerikke. Gesê: "Betaamlik denkende mense glo dit nie eens nie."

Broer Bosworth het gesê: "Net 'n oomblik." Hy het gesê: "Hoeveel mense in hierdie stad," van omtrent dertigduisend daardie aand, wat tussen ons sit: "Hoeveel mense van hierdie stad hier, wat na hierdie groot, goeie Baptiste kerke gaan, kan bewys deur 'n dokter se verklaring hulle is genees deur die Krag van God sedert Broer Branham in die stad was, staan op." En driehonderd het opgestaan. "Wat daarvan?" Daar was dit. God verberg in eenvoud . Toe het hy gesê: "Broer …"

174 Gesê: "Bring die Goddelike geneser uit. Laat ek hom iemand sien hipnotiseer, laat ek dan na hulle kyk 'n jaar van vandag af." En Ted Kip- …

En Ayers daar, die einste een wat die foto geneem het, het gesê: "Mnr. Branham is niks anders as 'n hipnotiseerder nie. Ek het 'n vrou gesien, het 'n skildklier aan haar keel gehad, soos *die*, en," gesê: "hy het daardie vrou gehipnotiseer. Die volgende dag het ek met haar gepraat, en sy het geen kropgeswel gehad nie." Gesê: "Die man het haar gehipnotiseer." En, o, hy het my net bespot. Gesê ek behoort uit die stad gejaag te word, en hy behoort die een te wees om dit te doen, sien, en alles soos dit. Groot opskrifte op die voorblad van die *Houston Chronicle.*

Ek het nooit 'n woord gesê nie. Ek was daar om my Vader se besigheid te doen, en dit was al; bly by

daardie Woord. Hy het my daarheen gestuur, en dis Sy saak.

175 Daardie aand toe ek opgeloop het, het ek gesê: "Ek—ek—ek—ek is geen Goddelike geneser nie. Ek is nie. As enigiemand dit sê," het ek gesê: "is hulle verkeerd." En ek het gesê: "Ek wil nie 'n Goddelike geneser genoem word nie." Ek het gesê: "As Dr. Best hier verlossing preek, dan sou hy nie 'n Goddelike Verlosser genoem wou word nie." En ek het gesê: "Dan, as ek Goddelike genesing preek, wil ek nie 'n Goddelike geneser genoem word nie. Maar hy sê hy is nie 'n Goddelike Verlosser nie; sekerlik, hy is nie. Nog is ek 'n Goddelike geneser. Maar: 'Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom,' ek wys na Dit." Sien?

En so, hy: "Onsin!" Julle weet, het rondgeloop.

En ek het gesê: "Maar as die Teenwoordigheid en hierdie gawe van God, hierdie Engel van die Here, as Dit bevraagteken word, kan Dit bewys word." Omtrent daardie tyd, hier kom sy, dwarrel af. Het gesê: "Nie nodig om nou te praat nie. Hy het alreeds vir my gepraat." En ek het uitgestap.

176 En ek het na Houston gegaan, daardie groot stad, een van die mooiste stede wat daar in die land is, enige plek. Toe ek daar ingeloop het, die ander dag, was dit 'n skande om na daardie stad te kyk. Die strate was vuil. Die toonbanke van die plek, reg onder in Texaslaan; en ek het in die Rice Hotel ingegaan, waar filmsterre altyd gebly het, en daar afgegaan in daardie kelder, daardie kafeteria, en die plafon het gesak, en pleister op die vloer, en vuilgoed en smerig. En 'n verwarring onder predikers soos ek nog nooit in my lewe gehoor het of ooit gehoor het nie.

Hoekom? Om Lig te weier, is om in duisternis te wandel. Daar sit hulle kinders in die eksekusiesel. Reg. God het neergedaal. Toe eenvoud vertoon en verwerp is, toe het God Homself in eenvoud gewys.

En daar het hulle daardie foto geneem wat die wêreld deurtrek het. Selfs die wetenskaplikes het gesê Dis die enigste bonatuurlike Wese wat ooit gefotografeer is in die hele geskiedenis van die wêreld; en hang in Washington, D.C., in die saal van godsdienstige kuns. Daar is dit, eenvoud gemanifesteer, toe. Sien? Sien? God verberg Homself in eenvoud, manifesteer Homself dan. Sien?

177 Nou, Hy het Homself verberg in die dood van Christus, maar het Homself gemanifesteer in die opstanding. O, goeiste! Ensovoorts, julle kan, ons kan net … ons kan … Geen einde daaraan nie; hou net aan sê. Maar daar het julle dit, sien.

Om te weier om te sê daar is 'n sonskyn, is om in die kelder te gaan en jou oë te sluit vir lig. En dis reg. En, onthou, die enigste manier wat jy verkeerd kan wees, is om reg te wees te weier. Sien? En om te weier om jou oë oop te maak, lewe jy in duisternis. Sien? As jy net weier om te kyk, hoe gaan jy sien? Sien? Kyk na die eenvoudige dinge. Dis die klein dingetjies wat jy ongedaan laat, nie die groot dinge wat jy probeer doen—doen nie. O, goeiste!

178 Dan, kyk hier, laat ek julle vertel. In Mal- … in Matthéüs 11:10, het Hy gesê: "As julle dit kan ontvang, dit is hy." Sien? "Dit is hy wat voor My gestuur is." Dit was eenvoud.

Dit is eendag aan Hom gevra, gesê: "Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat …"

Hy, Hy het gesê: "Seun van die mens gaan op na Jerusalem. Ek gaan in die hande van sondaars geplaas word, en hulle gaan die Seun van die mens doodmaak. En Hy gaan sterf, en op die derde dag gaan Hy weer opstaan." Het gesê: "Moet vir niemand die visioen vertel nie, daarbo."

179 En die dissipels, dink nou daaraan, dissipels wat saam met Johannes gewandel het, met hom gepraat het, saam met hom geëet het, in die wildernis, het buite op die oewers gesit, en hulle het gesê: "Waarom sê die leraars dat Elía eers moet kom? U sê U gaan op vir die kruisiging, en gaan opstaan. U is die Messias, neem die troon. Nou waarom spreek die skrifgeleerdes … Al ons Skrifte sê hier, die Skrif sê duidelik, dat, voor die Christus sal kom, dat Elía eerste sal kom." Ja. Sien?

Hy het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie." Nou, wie was dit? Dissipels.

180 Ek gaan hier seermaak, net 'n bietjie nou, maar bedoel dit nie, sien; vir die volgende paar minute, sien, net 'n minuut, of twee, maar sodat julle seker sal wees om te verstaan. Kan julle my hoor? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

Kyk! "Hoekom?" Daardie manne wat met Christus gewandel het: "Waarom sê die Skrifte, eerste, dat Elía moet kom?" En hulle was Johannes se eie bekeerlinge, en het hom nie eens geken nie. "Waarom het die Skrifte gesê, die leraars?" Sien julle wat ek bedoel? Sien? "Waarom sê die Skrifte dat Elía eers moet kom?" Dissipels wat saam met hom gewandel het: "Waarom sê die Skrifte dat Hy eers moet kom, voor hierdie dinge, en alle dinge moet regmaak?" Hy het, vir omtrent 'n halfdosyn mense, en dis al wat daar was. Sien? Dis al wat veronderstel was om dit te ontvang. Dit was wat bestem was om dit te sien.

181 Jesus het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie. Maar hy het gedoen net wat

die Skrifte gesê het hy sou doen. Hy het hulle reggemaak, julle almal wat My ontvang en in My geglo het. Hy het presies gedoen wat die Skrifte gesê het hy sou doen. En hulle het aan hom gedoen wat die Skrifte gesê het hulle sou doen. Hy het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie."

182 Is julle gereed? Ek wil julle 'n bietjie skok. Die Wegraping sal dieselfde wees. Dit sal so eenvoudig wees, sonder twyfel sal dit ook so wees, dat die Wegraping een van hierdie dae sal kom en niemand sal iets daarvan weet nie. Nou, moenie, moenie, moenie nou opstaan nie, maar dink net na 'n oomblik. Ek gaan verseker afsluit. Die Wegraping sal op so 'n eenvoudige manier gebeur dat die oordele sal val, en hulle sal die Seun van die mens sien, en hulle sal sê: "Was ons nie veronderstel om so-en-so te hê nie? En was daar nie veronderstel om Elía na ons gestuur te word nie? En was daar nie veronderstel om 'n Wegraping te wees nie?"

Jesus sal sê: "Dit het alreeds gebeur, en julle het dit nie geweet nie." God in eenvoud. Sien?

183 Nou, hierdie week gaan ons in 'n vreeslike diep lering kom oor …?… Nou, let op, die Wegraping, daar sal so min in daardie Bruid gaan! Dit sal nie wees …

Nou kyk hoe die onderwysers dit het? Hulle het kaarte, en hulle gaan, wys tienmiljoen mense wat hiernatoe kom; al die Metodiste, as dit 'n Metodiste prediker is; as dit 'n Pinkster is, al die Pinksters. Dit sal dit nooit raak nie.

Dit sal wees, miskien een verlaat Jeffersonville, net iemand wat vermis word. Hulle sal sê: "Wel, jy sal nooit …" Die res van hulle sal nie weet nie. Daar sal een wees wat Georgia verlaat. Sien? Daar sal een in Afrika wees. En laat ons sê daar sal vyfhonderd mense wees, wat lewe, wat in die hemelvaard sal gaan. Nou, dit is nie—dit is nie die kerkliggaam nie. Hierdie is die Bruid. Dit is nie die kerk nie. Hierdie is die Bruid. Sien?

Die—die kerk sal opkom by die duisende, maar dis in die volgende opstanding. "Hulle lewe nie vir die tydperk van 'n duisend jaar nie." Sien?

184 Maar, in die Bruid, as vyfhonderd mense die aarde verlaat op hierdie oomblik, sal die wêreld niks daarvan weet nie. Jesus het gesê: "Daar sal een in die bed wees; en Ek sal een neem, een los." Dis in die nag. "Hulle sal twee in die veld wees," oor aan die anderkant van die aarde: "Ek sal een neem en een agterlaat. En soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens."

Dink! Alles sal aangaan net so normaal as wat dit kan wees. 'n Fanatiese Boodskap sal aangaan, en, die eerste ding wat jy weet, iets: "Hierdie prediker, het êrens heen gegaan, hy het nooit teruggekom nie. Hy het waarskynlik na die woude gegaan, om te jag. Hy het net nooit weer teruggekeer nie. En hierdie kêrel het êrens heen gegaan. Weet julle wat gebeur het? Ek glo, daardie jongmeisie, sy—sy moes iewers heen gegaan het, julle weet, iemand vat daardie meisie uit en vermorsel haar, het haar waarskynlik in die rivier gegooi. Sy was alleen." Die helfte daarvan … nege-en-negentig uit elke … Mag sê een uit elke honderd miljoen sal ooit iets daarvan weet nie; sien, tensy iemand wat haar ken, sê: "Die meisie is weg. Wel, ek kan nie verstaan nie. Sy het nooit net weggegaan nie." Nee.

185 En wanneer hulle sê: "Die—die grafte sal oopmaak." Hoe gaan die grafte oopmaak? Wanneer, ek—ek nie tyd het om in te gaan daarop nie, wat ek wou. Ek sal dit net moet neem, sien, net om julle die eenvoud van God te wys. En daardie kalsium, kalium, en alles, wanneer—wanneer … Alles wat in jou is, van materiale, maak net 'n lepelvol. Dis reg. En wat dit doen, dit gaan terug in gees en lewe. God spreek net, en die Wegraping sal kom. Dit gaan nie uit, en die Engele kom af en grawe die grafte oop, en kry 'n ou dooie karkas daaruit nie. Wat is dit? Dit was gebore in sonde, om mee te begin. Maar, 'n nuwe Een, gemaak in sy ewebeeld, jy weet. Sien? As ons *dit* het, sal ons weer sterf. Sien? Niemand … Jy sê: "Die grafte sal oopmaak. Die dooies sal uitloop." Dit mag waar wees, maar nie oopmaak die manier waarop jy sê oopmaak nie. Sien? Dis reg. Sien? Dit sal nie so wees nie.

Dit sal 'n geheim wees, want Hy het gesê Hy sal kom "soos 'n dief in die nag." Hy het ons dit alreeds vertel, die Wegraping.

186 Dan sal oordeel tref; sonde, plae, siekte, en alles. En mense sal uitroep vir die dood om hulle te vat, wanneer die oordeel gebeur. "Here, waarom is hierdie oordeel op ons, as U gesê het dat daar eers 'n Wegraping sou wees?"

Hy sal sê: "Dit het alreeds gebeur, en julle het dit nie geweet nie." Sien? God verberg Homself in eenvoud. O, goeiste! Goed. "Dit alles, wat alreeds gebeur het, en julle het dit nie geweet nie."

Waarom glo gelowiges nie die eenvoudige tekens van Sy Koms nie?

Hulle verwag al hierdie dinge waarvan gespreek word in die Skrif, en—en die maan sal ondergaan in die middel … of die son, in die middel van die dag, en daar gaan allerhande dinge wees. O, as ons net …

ek het die notas hier geskryf, sien, om te wys wat daardie dinge is. En ons sal dit kry met die oopmaak van hierdie Seëls hierdie week, in elk geval, sien. Sien? Daar is dit, net waar dit alreeds verby is, en julle het dit nie geweet nie. Kyk of dit is, of die Engel van die Here die Seëls daarvoor sal oopmaak. Onthou, dis verseël met daardie Sewe geheimsinnige Donderslae. Sien?

187 Nou wat? Waarom kan mense nie die eenvoudige eenvoud van 'n nederige klomp mense glo nie, sien, en die—die Stem van die tekens van God? Waarom kan hulle dit nie glo nie? Net soos dit altyd was, 'n ware Woord van God wat gemanifesteer word. Dis, hulle is te slim en te geleerd om die eenvoudige vorm van die geskrewe Woord te glo. Hulle wil hulle eie interpretasie gee vir Dit . "Dit beteken nie *dit* nie. Dit beteken nie *dat* nie." Sien? Dit beteken wel *Dit*.

188 Luister. Mag ek dit sê, sommer gou, nou. Selfs die visioene wat God hier by die plek gee, dis so misverstaan. Dis waarom julle my op die bande hoor sê: "Sê wat die bande sê. Sê wat die visioene sê." Nou, as jy wawyd wakker is, sal jy iets sien. Sien? Ek hoop ek hoef dit nie in my hand te hou en julle wys nie. Sien? Sien? Sien? Jy's … Dis—dis hier. Ons is op die einde. Sien? Ja, meneer. Slim geleerdes mis dit. Die eenvoudige visioene, wanneer hulle geopenbaar word in sulke eenvoud, dat dit net bo-oor die mense se koppe gaan. Sien?

Omdat ek die visioen gesien het, julle alles vertel van daardie jag, en, julle weet, dit het mense net laat struikel. En daar het God dit daarheen gestuur vir die einste doel, en teruggekom en dit geheel geïnterpreteer, getoon van die dood van my moeder, en sulke goed. En toe teruggekom en dit vertel, vooraf En dit het gebeur net presies soos Hy gesê het dit sou gebeur. Sien?

189 En, tog, het Johannes net daar uitgekom en bely. Hy het gesê: "Ek is geen Messias nie, maar Ek is die stem van een wat roep in die wildernis."

En dan sê daardie einste dissipels: "Waarom sê, sê die skrifgeleerdes die Skrif- … die Skrif leer dat Elía eers moet kom?" Sien? Die eenvoud van God gaan, net reg bo-oor die mense se koppe.

Laat ek dit vat, en dan afsluit. Ek sal, met die hulp van God. Sien? Kyk. Nou laat ons dit afbreek. Dan, ek—ek's jammer om aan te hou om julle almal te vertel dat ek gaan, en dan … Kyk. Jammer om julle te hou. Maar, net oor 'n paar uur, kom ons terug.

Kyk, laat ons 'n eenvoudige druppel ink neem.

190 Alles is vir 'n doel. Julle het vanmôre hier vergader vir 'n doel. Ek eet by jou huis, Charlie; Nellie, jy het vir my gekook, vir 'n doel. Ek … Alles is vir 'n doel. Hierdie kerk is opgerig vir 'n doel. Daar is niks sonder 'n doel en 'n rede nie.

191 Laat ons nou die eenvoudige druppel ink neem. Kan julle my hoor? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Laat ons 'n eenvoudige druppel ink neem en daarna kyk. Wat is dit? 'n Druppel ink. Waar het dit vandaan gekom? Goed. Laat ons nou hierdie druppel ink neem, dis, en sê dis swart ink. Nou, daardie ink is vir 'n doel. Dit kan my kwytskelding in 'n gevang- … uit 'n gevangenis skryf. Dit kan my kwytskelding uit 'n dodesel skryf. Dit reg? Dit kan Johannes 3:16 skryf, en my siel red deur Dit te glo. Is dit reg? ["Amen."] Of, dit kan my doodsbevel teken. Sien? Dit kan my veroordeel by die Oordeelsbank. Dis vir 'n doel. Is dit reg? ["Amen."]

Wel, laat ons na daardie bietjie ink kyk en sien waar dit vandaan kom. Nou, dis ink. Dit is aanmekaar gesit, en chemikalieë ensovoorts, totdat dit ink geword het. En dis swart. As jy dit op jou klere laat val, sal dit vlek.

Maar ons het goed vervaardig genaamd bleikmiddel. Julle vroue gebruik Clorox bleikmiddel. Wel, ek vat daardie een druppel ink en gooi dit in 'n bak met—van bleikmiddel, nou wat het van die ink geword? Sien? Hoekom? Bleikmiddel is vervaardig, uitgevind 'n vervaardigde chemikalieë, saam, wat daardie kleur so erg sal opbreek dat jy dit nie kan vind nie. Nou, deel van die bleikmiddel is water.

192 Water is H2O, wat waterstof en suurstof is. En beide waterstof en suurstof, albei, is gevaarlike plofstowwe. En, dan, waterstof en suurstof is eintlik as. Dis wat dit is, dis reg, chemiese as, net chemiese as. Nou, nou sit dit bymekaar, en jy het water. Maar, skei dit, en jy het waterstof en suurstof, en hou net aan teruggaan.

Nou, om te verstaan, laat ons neem … En ek kan nie. Nou daar mag aptekers wees wat hier sit. En nou wil ek dit sê, want daar—daar sal chemiese mense wees wat hierna luister, ek ken nie die formule nie. Maar ek wil dit net op my eie eenvoudige manier verduidelik, in die vertroue dat God Homself daarin sal openbaar.

193 Kyk, ek gooi daardie druppel ink in 'n—'n—'n bleikmiddel. Wat gebeur? Onmiddellik is die swart vlek weg. Jy kan dit nie weer vind as jy moet nie, dis weg. Jy sal dit nooit weer sien nie. Wat het gebeur? Nou, jy sien niks daaruit opkom nie. Jy sien dit nie. Hoekom nie? Omdat dit opgebreek het.

Nou, die wetenskap sou sê: “Dit het teruggekeer na sy oorspronklike suur.”

Waarvandaan het die sure gekom? Sien? Wel, jy sê: “Dit kom van—van sekere dinge.” Goed. Sê, byvoorbeeld, soos: “Dampe het sure gemaak.” Waar het dampe vandaan gekom? “Wel, dit was, sal ons sê, dampe is deur molekules gemaak.” Waar het molekules vandaan gekom? “Van atome.” Waar het atome vandaan gekom? “Van elektronika.” Waar het hulle vandaan gekom? “Kosmiese lig.” Sien, jy's reg terug by 'n ou bevinding, van aptekers, nou. En, as dit 'n stof en 'n skepping is, moet dit van 'n Skepper af kom.

194 So, jy sit nie hier per toeval nie. Ek hou julle nie tot twaalf-dertig, of eenuur, per toeval nie. “Die voetstappe van die regverdige word deur die Here georden.” Sien? Daar is een of ander rede daarvoor. Daar is een of ander rede vir jou om te glo. Daar is een of ander rede vir jou om nie te glo nie. Net soos met—met daardie ink.

Nou laat ons dit nagaan. Nou, die eerste ding, sê, noudat ons terug is by … Ons sal dit terugvat sover as molekules. Nou, ons het 'n molekule geneem, ek sou sê, nommer 1 maal molekule 9, maal molekule 12. Nou, as dit 11 was, sou dit rooi uitkom. Maar dit—dit moes 12 wees, om swart te maak.

Dan sal ons dit vat na die atoom. Dit was 'n atoom. En 96 keer +43, is gelyk aan atoom 1611. As dit 1612 was, kon dit pers gewees het. Sien? Dan hou jy aan om dit af te breek.

195 Dit wys dat daar iets was, om mee te begin. Dis net gesonde verstand. Dis 'n skepping. Dit moet 'n Skepper hê. En dit het uitgegaan van 'n Skepper, en toe was dit bepaal om in dit geplaas te word, verskeie. Nou, wetenskap kan nie atoom B16 maal 12, maal 14, maal wat ookal, so doen, om dit te maak nie. God moes dit doen.

En dan word dit afgebring na 'n plek totdat dit afkom in atome, dan kan wetenskap dit begin gebruik. Dan kom dit uit in molekules, dan kan hulle dit 'n bietjie beter begin sien. Dan kom dit, van daar af, na iets anders. Dan, wat gebeur, dit is weer in chemikalieë, en dan meng hulle dit saam.

196 Nou, toe die mens, voor hy gesondig het. Ek sluit af, maar jy moet dit nie mis nie. Toe die mens gesondig het, het hy homself van God afgesonder, en die groot kloof oorgesteek, en homself in die dood aan hierdie kant geplaas. Hy het weggegaan. Daar is geen weg terug nie. Presies. Daar is geen manier vir hom om terug te kom nie. Maar toe hy dit gedoen het, het God 'n plaasvervanger aanvaar, wat 'n lam was, of 'n bok, of 'n skaap, of iets, vir bloed; waarvan Adam gepraat het, of—of Abel gepraat het, aan die ander kant van die afgrond.

Aan daardie kant, is hy 'n seun van God. Hy's 'n nageslag van God. Hy is 'n erfenis van die aarde. Hy kan die natuur beheer. Hy kan in bestaan praat. Wel, Hy's self 'n skepper. Hy's 'n nageslag van God.

197 Maar, toe hy oorgegaan het, het hy sy seunskap geskei. Hy's 'n sondaar, van nature. Hy's onder die hande en heerskappy van Satan.

En God het 'n offerhande geneem, 'n chemikalie, van die bloed, maar die bloed van bulle en bokke het nie sonde geskei nie. Dit het net sonde bedek. As ek 'n rooi kol op my hand het, en dit met wit bedek, is die rooi kol steeds daar. Sien, dis steeds daar.

Maar God het, uit die Hemel, 'n bleikmiddel vir sonde gestuur. Dit was die Bloed van Sy Eie Seun. Dat, wanneer ons sonde wat ons belei in God se bleikmiddel val, probeer om dit weer te vind! Die kleur van sonde gaan terug deur die middelaars, en af deur die tyd, totdat dit die aanklaer tref, Satan, en op hom lê tot die Oordeelsdag.

198 Wat gebeur met die seun? Hy is weer in volmaakte broederskap met die Vader, staan aan die ander kant van die afgrond, met geen herinnering van sonde teen hom nie. Nie meer nie, daar is geen vlek meer van bleikmiddel wat êrens gesien kan word nie. Hy is vry. Halleluja! Net soos daardie Clorox, of daardie ink nooit weer ink kan wees nie, want dit is opgebreek en weer teruggestuur. En wanneer sonde bely is bely word en in die … 'n Man of 'n vrou wat in die Bloed van Jesus Christus gedoop is, dit maak alle simptome dood. En elke molekule van sonde gaan terug na die duiwel, en lê op hom tot daardie Dag van Oordeel, waar sy Ewige bestemming in 'n Poel van Vuur gegooi sal word. En die afgrond is oorbrug, en kom nooit weer in herinnering nie. En 'n man staan geregverdig, as 'n seun van God. Eenvoud!

199 Moses, onder die bloed van bulle en bokke, met sy belydenis in die Woord van God! En God kon daardie eenvoudige man neem, en Sy Woorde in sy mond sit. En hy het bewys dat hy Jehova se dienaar was, want hy kon daar uitstap en Jehova het met hom gepraat deur 'n visioen. Hy het uitgestap, sy hande na die ooste uitgestrek.

En nou, onthou, God het met hom gepraat. Dis God se gedagte. God gebruik die mens. God het met hom gepraat. Dis reg. Hy het gesê: “Gaan strek daardie staf, in jou hand, na die ooste, en sê: 'Vlieë!'”

200 Moses, onder die bloed van daardie bok, skaap, het daar uitgestap en daardie stok gevat, na die ooste toe uitgereik. “SO SPREEK DIE HERE. Laat daar vlieë wees!” Nooit 'n vlieg gehoor nie. Het

teruggeloop. Dit is reeds gespreek. Dis 'n gedagte, nou is dit gespreek, dis uitgedruk. Dis dan die Woord van God. Dit het op 'n mens se lippe gekom, 'n eenvoudige man onder die bloed van 'n bul, bul of 'n bok.

Voor jy weet, het 'n groen vlieg begin rondvlieg. Voor jy weet, was hulle vyf pond per jaart. Wat was dit? Was die Woord van God, gespreek deur Moses, die Skepper. Want, onder die bloed, het hy in die Teenwoordigheid van God gestaan, en sy eie Woorde was nie sy woord nie.

201 "As jy in My bly, en My Woorde in jou, vra dan wat jy wil, dit sal vir jou gegee word." Waar staan die Kerk?

"Laat daar paddas wees!" En daar was nie 'n padda in die land nie. Binne 'n uur, was hulle tien voet diep, op plekke. Wat was dit? Dit was God, die Skepper, wat Homself verberg het in 'n eenvoudige man.

Nou wil ek julle iets vra. As die bloed van 'n bul of 'n bok gebruik word vir 'n bleikmiddel, wat net kan bedek, 'n man in posisie kon plaas om die skeppende Woord van God te spreek en vlieë te skep, waarom sal jy struikel oor die bleikmiddel van Jesus Christus se Bloed Wat 'n eekhorinkie of iets in bestaan kan praat?

Moet julle dit nie doen nie, moenie oor eenvoud struikel nie. Glo dat Hy steeds God bly. O, goeiste! Vergifnis van sonde! O, hoe wens ek ek kon …

Dan, in Markus 11:22: "As jy vir hierdie berg sê: 'Skuif, en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, o, jy kan kry wat jy gesê het."

202 Goeiste, ek het drie of vier bladsye. Ons moet dit net los. Dankie.

God verberg Homself in eenvoud. Sien julle nie? Daar is iets verkeerd iewers. Daar is iets verkeerd iewers. Wanneer God 'n stelling maak, kan Hy nie lieg nie. Hy het die belofte gemaak. Sien? Hy skuil in eenvoud. Dis so eenvoudig!

Die opgevoede en onderwysers sê: "Ag, dis … O, dis telepatie of iets. Julle weet, dis 'n …"

203 God kan Homself terugvat deur die strome van tyd, en jou vertel presies net wat gebeur het, jou presies vertel wat jy vandag is, en wat jy sal wees in die toekoms. Dit is steeds deur die bleikmiddel van Jesus Christus, Wat 'n sondaar kan neem en hom Daarin bleik, en hy staan in die Teenwoordigheid van God.

"En as jy in My bly, en My Woorde in jou, kan jy vra wat jy wil, en dit sal gedoen word. Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen."

"Hoe veroordeel jy My? O, het julle eie wette nie gesê dat diegene na wie die Woord van God gekom het, die profete, het julle hulle nie 'gode' genoem nie? En hoe kan julle My dan veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?" Hulle sien dit nie. Hulle sien dit nie.

204 Nou, Kerk, in die komende Boodskappe, van vanaand af, moet dit nie mis nie. Sien? Kyk die dag waarin ons lewe. En, onthou, die Bloed van Jesus Christus neem sonde so ver van jou af weg, dat hulle nie eens meer in die herinnering van God is nie. Dit vat alle vlekke weg.

Sonde het 'n bloedrooi vlek agtergelaat,
Hy het dit wit soos sneeu gewas.
Dan voor die Troon,
Ek staan volkome in Hom.

205 O, goeiste, hoe kan ek kompleet wees? Hoe kan ek kompleet wees? As gevolg van die Bloed; nie ek nie, maar daardie Bloed staan tussen my en God. Ek het Dit aanvaar. En Hy het dit gesit … Ek is 'n sondaar, maar Hy is God. Maar die chemie staan tussen my, die dood van sonde, so God sien my net so wit soos die—die water wat in— die bleikmiddel in het. My sonde is weg. Dit kan Hom nie eens bereik nie, want daar is 'n Offer wat daar lê.

206 Waar is ons geloof om die eenvoudige Woord van God te glo? Net wat God gesê het, neem Hom op Sy Woord. God verberg Homself nou in eenvoud, in 'n nederige groepie, maar een van hierdie dae sal Hy Homself manifesteer soos Hy altyd het in die dae wat verby is. Het jy Hom lief? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se kruis.

207 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Goeiste, is Hy nie wonderlik nie? ["Amen."] Ek hoop en ek vertrou dat die Boodskap sal voortbring wat Dit bedoel was om te doen, dat Dit jou by 'n plek sal bring waar jy nie na blommerige dinge soek nie. Of een of ander … Wanneer jy God in grootheid

sien, kyk hoe nederig dit is, en dan sal jy God sien. Moenie na Hom soek …

208 Toe Elisa terug was in daardie grot, het die rook oorgegaan, bloed, donder, weerlig; en, sien, al hierdie soort sensasies wat ons gehad het, bloed in die gesig en in die hande, en sensasies en alles. Dit het nooit daardie profeet gepla nie. Hy het net daar gelê totdat hy 'n stil stemmetjie gehoor het, (wat was Dit?) die Woord, toe het hy sy gesig bedek en uitgestap. Sien, dit was Dit.

209 Onthou, vriend, moenie kyk vir groot, groot … Jy sê: "God, Hy praat van belangrike, groot dinge. Daar sal 'n tyd kom dat daar *dit, dat,* of die *ander,* belangrike dinge sal wees." Ek hoop julle begryp waarvan ek praat. Sien? "Belangrike, groot dinge, sien! En, o, wanneer dit gebeur, sal dit groot, belangrik soos *hierdie* wees."

En dit sal so nederig wees, jy sal die hele ding mis, net reguit aangaan. Sien? En jy sal terugkyk en sê: "Wel, dit het nooit gekom na …" Sien, het reg bo-oor gegaan, en jy het Dit nooit eens gesien nie. Het net verbygegaan. Sien, dis so eenvoudig. Sien? God lewe in eenvoud, sien, om Homself in grootheid te manifesteer. Wat maak Hom groot? Omdat Hy Homself eenvoudig kan maak.

'n Belangrike, vername man kan homself nie eenvoudig maak nie; hy moet 'n hooggeplaaste wees. Sien? Maar hy is nog nie belangrik genoeg nie. Wanneer hy vernaam opgaan, dan kom hy beskeie af, julle sien, kan homself verootmoedig.

210 Soos die ou heilige daarbo in Chicago gesê het: "Daardie kêrel het opgegaan, met al die geleerdheid en goed." Gesê: "Hy het afgekom, verslae, kop wat hang. Uitgestap, verslaan." Hy het gesê: "As hy sou opgegaan het soos hy afgekom het, sou hy afgekom het soos hy opgegaan het." Wel, dis reg. Sien?

Verneder jouself. Wees net nederig. Moenie eienaardig probeer wees nie. Net—wees net lief vir Jesus. Sien? Sê: "Here, as daar enige bedrog in my hart is, as daar enigiets verkeerd is, Vader, ek wil nie so wees nie. Neem U dit weg. Ek wil nie so wees nie. O, ek wil getel wees as een van hulle, in daardie Dag, Here. En ek sien die Dag naderkom."

Julle sien hierdie Seëls begin, as God Hulle vir ons sal oopmaak. Onthou, Hy alleen kan dit doen. Ons maak staat op Hom. God seën julle.

211 En nou veronderstel ek dat ons pastoor 'n woord vir julle sal hê om te sê; of vir hom om te sê, liewer, aan—vir julle, voor ons weer vanmiddag ontmoet. En ek dink die diens sal … Die sangdiens om ses-dertig, pastoor? En dis … [Broer Neville sê: "Begin om ses-dertig." — Red.] Ses-dertig. En dis … ["Deure open om sesuur."] Die deure maak sesuur oop. Sangdiens sal ses-dertig begin.

En as die Here wil, sal ek praat, vanaand, oor die onderwerp van die Sewe-Verseëlde Boek. En dan, Maandagaand, die ruiter op die wit perd. Dinsdagaand … Die swart perderuiter, Woensdagaand. Die grys perd, die vaal perd. En die rooi-perd ruiter. En gaan dan in die sesde … vierde, vyfde, en sesde, en dan Sondagaand. Volgende Sondagoggend, mag 'n genesingsdiens wees. Ek weet nie.

212 Onthou nou, ons is toegewy aan die Here, onsself en die kerk, vir die diens van God. God seën julle.

Ek—ek is een uur laat. Sal julle my vergewe? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Ek—ek, sien, ek bedoel nie om dit te doen nie. Maar, sien, ek—ek sal net hierdie week met julle wees, dan sal ek weer vertrek. En ek weet nie waarheen ek gaan nie; net waar Hy lei. En ek wil elke minuut insit wat ek kan, want ek wil die Ewigheid met julle deurbring.

God seën julle. Nou, Broer Neville.

MESSAGE hub online
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7